



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

VERBETERINGS AAN DIE STANDAARDE VAN AERP (2016)



Kopiereg © 2017 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde.

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande skriftelike toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde gereproduseer, in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins gereproduseer of weergegee word nie.

Toestemming om beperkte uittreksels uit die publikasie te reproduseer sal gewoonlik nie weerhou word nie.



Inhoud

Verbeterings aan die Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) (2016)

	Bladsy
Inleiding tot Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk	4 – 5
Opsomming van wysigings	6
Verbeterings aan Standaarde van AERP	8 – 67
A1. AERP 12 – <i>Vorraad</i>	8 – 10
A2. AERP 16 – <i>Beleggingseiendom</i>	11 – 14
A3. AERP 17 – <i>Eiendom, Aanleg en Toerusting</i>	15 – 22
A4. AERP 18 – <i>Segmentverslagdoening</i>	23 – 28
A5. AERP 21 – <i>Waardedaling van Niekontantgenererende Bates</i>	29 – 32
A6. AERP 26 – <i>Waardedaling van Kontantgenererende Bates</i>	33 – 36
A7. AERP 27 – <i>Landbou</i>	37 – 45
A8. AERP31 – <i>Ontasbare Bates</i>	46 – 51
A9. AERP 103 – <i>Erfenisbates</i>	52 – 54
A10. AERP 106 – <i>Oordrag van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie</i>	55 – 61
A11. AERP 110 – <i>Lewende en Nielewende Hulpbronne</i>	62 – 67



Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP)

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig (WOFB), van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale, provinsiale en regeringskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);
- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Bogenoemde word gesamentlik “entiteite” genoem.

Die Raad het die toepassing van *International Financial Reporting Standards* (IFRS'e) uitgegee deur die *International Accounting Standards Board* goedgekeur vir:

- (a) openbare entiteite wat voldoen aan die kriteria in Lasgewing 12 oor *Die Kies van 'n Toepaslike Verslagdoeningsraamwerk deur Openbare Entiteite*; en
- (b) entiteite onder die eienaarsbeheer van enige van hierdie entiteite.

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaarde van AERP voldoen slegs indien hulle aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verbandhoudende Vertolkings van die Standaarde van AERP voldoen.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaarde of Vertolkings word in daardie Standaarde of Vertolkings van die Standaarde van AERP duidelik gemaak.

Standaarde van AERP en Vertolkings van die Standaarde van AERP moet ook in samehang geles word met enige lasgewings wat deur die Raad uitgegee word en oorgangsbepalings voorskryf, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is betreffende die datums van inwerkingtrede van die Standaarde van AERP, soos in die Staatskoerant gepubliseer is.



Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaard wat reeds uitgegee is, te verander wanneer 'n latere Standaard uitgegee word. Paragraaf 11 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleid, Veranderings in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide in die afwesigheid van uitdruklike leiding.

Opsomming van wysigings

Die Raad het in September 2016 voorgestelde *Verbeterings aan die Standaarde van AERP (2016)* vir kommentaar uitgegee. Ná oorweging van kommentaar wat gedurende die openbare raadplegingsproses ontvang is, het die Raad die voorgestelde verbeterings aan die Standaarde op hul vergadering in Maart 2017 finaal goedgekeur. Die finale wysigings word in hooftrekke in hierdie dokument uiteengesit. Sodra die finale wysigings van krag word, sal hulle in die betrokke Standaarde van AERP opgeneem word.

Die *Verbeterings aan die Standaarde van AERP (2016)* is van toepassing op verslagdoeningstydperke wat op of ná 1 April 2018 'n aanvang neem. Spesifieke oorgangsbepalings word uiteengesit vir elke wysiging wat aan elke Standaard van AERP aangebring is.

Die volgende Standaarde van AERP is as gevolg van die *Verbeterings aan Standaarde van AERP (2016)* gewysig:

- AERP 12 – *Vorraad*
- AERP 16 – *Beleggingseiendom*
- AERP 17 – *Eiendom, Aanleg en Toerusting*
- AERP 18 – *Segmentverslagdoening*
- AERP 21 – *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates*
- AERP 26 – *Waardedaling van Kontantgenererende Bates*
- AERP 27 – *Landbou*
- AERP 31 – *Ontasbare Bates*
- AERP 103 – *Erfenisbates*
- AERP 106 – *Oordrag van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie*
- AERP 110 – *Lewende en Nielewende Hulpbronne*

Hierdie dokument sit gemerkte teks uiteen van die paragrafe wat geraak word in elke standaard van AERP waar wysigings aangebring is. Die wysigings toon geskrapte teks aan met deuring, terwyl bykomende teks onderstreep is.



VERBETERINGS AAN DIE STANDAARDE VAN AERP (2016)

A1. Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Vorraad* (AERP 12)

Opsomming van wysigings

Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Vorraad* was die gevolg van inkonsekwentheid in die metingsvereistes in AERP 23 en ander bateverwante Standaarde van AERP vir sover dit die behandeling van transaksiekoste betref. Ander veranderinge was die gevolg van veranderinge wat aangebring is aan IPSAS 12 oor *Inventories* (IPSAS 12) as gevolg van die IPSASB se *Improvements to IPSASs 2015*, wat in Maart 2016 uitgegee is.

Die mees beduidende veranderinge aan die Standaard van AERP oor *Vorraad* word hieronder in hooftrekke uiteengesit:

Tipe wysiging	Paragraaf-verwysing	Opsomming van wysiging
Algemene verbeterings	.32, .52A, .54	Om die behandeling van transaksie- en ander koste wat aangegaan word aan bates wat deur nie-uitruiltransaksies verkry word, duidelik te maak sodat dit in ooreenstemming kan wees met die beginsel in AERP 23 (paragraaf .12).
IPSASB-wysigings	.10, .13A, .52A, 54	Om terminologie in AERP 12 met dié in IPSAS 12 in ooreenstemming te bring. Die term "ammunition" in IPSAS 12 is vervang deur die term "military inventories" en gee 'n beskrywing van waaruit dit beslaan, ooreenkomstig die terminologie van Staatsfinansiële Statistiek.

Wysigings aan die Standaard van AERP oor Voorraad

Gewysigde teks word getoon met nuwe teks wat onderstreep en geskrapte teks wat deurgehaal is. Die volgende paragrawe in AERP 12 is gewysig:

Voorraad

.10 Voorraad in die openbare sektor kan die volgende insluit:

(a) ~~ammunisie~~ militêre voorraad;

...

.13A Militêre voorraad bestaan uit enkelitems soos ammunisie, missiele, vuurpyle en bomme wat deur wapens of wapensstelsels afgelewer word. Sommige soorte missiele kan ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* in rekening gebring word, indien dit aan die maatstawwe voldoen om onder daardie Standaard geklassifiseer te word. Militêre voorraad is nie beperk tot items wat deur militêre magte gehou word nie en kan items insluit wat gehou word deur ander entiteite wat betrokke is by openbare orde, veiligheid, sekerheid en wetstoepassing.

...

Voorraad verkry deur 'n nie-uitruiltransaksie

...

.32 Voorraad kan by wyse van 'n nie-uitruiltransaksie aan die entiteit oorgedra word. 'n Internasionale hulpagentskap kan byvoorbeeld in die nasleep van 'n natuurramp mediese voorraad aan 'n openbare hospitaal skenk. Onder sulke omstandighede is die koste van die voorraad die billike waarde daarvan soos op die datum waarop dit verkry word. Enige transaksiekoste wat aangegaan word, word ooreenkomstig die vereistes van paragraaf .25 tot .26 erken.

...

Oorgangsbepalings

...

Wysigings aan Standaarde van AERP

...

0.52 Die volgende paragrawe is gewysig deur die Verbeterings aan die Standaard van AERP wat April 2017 uitgegee is. Hierdie wysigings is van krag vir jaartydperke wat op of ná 1 April 2018 begin. 'n Entiteit moet hierdie wysigings soos volg toepas:

(a) paragraaf .10 en .13A moet terugwerkend toegepas word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute; en

(b) paragraaf .32 moet vooruitwerkend toegepas word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute.

Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit die keuse uitoefen om hierdie wysigings vroeër toe te pas, moet hierdie feit openbaar gemaak word.

...

Datum van inwerkingtrede

...

~~Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas~~

~~.54 'n Entiteit moet wysigings aan hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat op of ná 1 April 2013 begin. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit hierdie wysigings toepas vir 'n tydperk wat voor 1 April 2013 begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.~~

A2. Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Beleggingseiendom* (AERP 16)

Opsomming van wysigings

Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Beleggingseiendom* was die gevolg van redaksionele veranderinge aan die oorspronklike teks en inkonsekwentheid in die metingsvereistes in AERP 23 en ander bateverwante Standaarde van AERP vir sover dit die behandeling van transaksiekoste betref. Ander veranderinge was die gevolg van veranderinge wat aangebring is aan IAS 40 oor *Beleggingseiendom* (IAS 40) as gevolg van die IASB se wysigings aan *Annual Improvements to IFRSs 2011 – 2013 Cycle*, wat in Desember 2013 uitgegee is.

Die mees beduidende veranderinge aan die Standaard van AERP oor *Beleggingseiendom* word hieronder in hooftrekke uiteengesit:

Tipe wysiging	Paragraaf-verwysing	Opsomming van wysiging
Algemene verbeterings	.37, .103A, .105	Om die behandeling van transaksie- en ander koste wat aangegaan word aan bates wat deur nie-uitruiltransaksies verkry word, duidelik te maak sodat dit in ooreenstemming kan wees met die beginsel in AERP 23 (paragraaf .12).
	.41, .103A, .105	Om die metingsbeginsel wanneer bates in ruil vir 'n niemonetêre bate of bates, of 'n kombinasie van monetêre en niemonetêre bates verkry kan word, duidelik te maak.
IASB-wysigings	.24A, .103A, .105	Om die onderlinge verhouding tussen die Standaard van AERP oor <i>Oordrag Van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie</i> en <i>Beleggingseiendom</i> wanneer beleggings-eiendom of eenaargeokkupeerde eiendom geklassifiseer word, duidelik te maak.

Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Beleggingseiendom*

Gewysigde teks word getoon met nuwe teks wat onderstreep en geskrapte teks wat deurgehaal is. Die volgende paragrawe in AERP 16 is gewysig:

...

Beleggingseiendom deur huurder ingevolge 'n bedryfshuur gehou

.24 Oordeel nodig is om te bepaal of 'n eiendom as beleggingseiendom kwalifiseer. 'n Entiteit ontwikkel maatstawwe sodat dit daardie oordeel konsekwent in ooreenstemming met die omskrywing van beleggingseiendom en met die verbandhoudende leiding in paragraaf .07 tot .18 kan uitoefen. Paragraaf .91 (c) vereis dat 'n entiteit hierdie maatstawwe openbaar maak wanneer klassifikasie moeilik is.

0.24A Oordeel is ook nodig om te bepaal of die verkryging van beleggingseiendom die verkryging van 'n bate of 'n groep bates of 'n oordrag van funksies binne die omvang van die Standaarde van AERP oor *Oordrag van Funksies Tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer en Oordrag van Funksies Tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie* is. Daar moet 'n verwysing gemaak word na die Standaarde van AERP oor *Oordrag van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer en Oordrag van Funksies Tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie* om te bepaal of dit 'n oordrag van funksies is. Die bespreking in paragraaf .07 tot .24 van hierdie Standaard hou daarmee verband of eiendom eenaargeokkupeer of beleggingseiendom is al dan nie, en nie met die bepaling daarvan of die verkryging van eiendom 'n oordrag van funksies soos omskryf in die Standaarde van AERP oor *Oordrag van Funksies Tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer en Oordrag van Funksies Tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie* is al dan nie. Die bepaling daarvan of 'n spesifieke transaksie aan die omskrywing van 'n oordrag van funksies voldoen soos omskryf in die Standaarde van AERP oor *Oordrag van Funksies Tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer en Oordrag van Funksies Tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie* is en 'n beleggingseiendom soos omskryf in hierdie Standaard insluit, vereis die afsonderlike toepassing van hierdie Standaarde.

...

Meting by erkenning

...

- .37 'n Beleggingseiendom kan deur 'n nie-uitruiltransaksie verkry word. 'n Entiteit kan byvoorbeeld, teen geen koste nie, 'n gebou aan 'n ander entiteit oordra, wat dit dan teen die markhuur verhuur. 'n Beleggingseiendom kan ook deur 'n nie-uitruiltransaksie verkry word deur die mag van onteiening uit te oefen. Onder hierdie omstandighede is die koste van die eiendom die billike waarde daarvan soos op die datum waarop dit verkry word. Enige transaksiekoste wat aangegaan word, word ooreenkomstig die vereistes van paragraaf .34 tot .35 erken.

...

- .41 Een of meer beleggingseiendomme kan verkry word in ruil vir 'n niemonetêre bate of bates, of 'n kombinasie van monetêre en niemonetêre bates. Die volgende bespreking verwys eenvoudig na 'n ruiling van een niemonetêre bate vir 'n ander, maar dit is ook van toepassing op alle ruilings wat in die voorafgaande sin beskryf word. Die koste van so 'n beleggingseiendom word teen billike waarde gemeet tensy die billike waarde van nóg die bate wat ontvang word nóg die bate wat opgegee word, betroubaar gemeet kan word. Indien die verkrygte bate nie teen billike waarde gemeet word nie, word die koste daarvan gemeet teen die drabedrag van die bate wat opgegee word. Die verkrygte bate word op hierdie wyse gemeet selfs indien 'n entiteit nie onmiddellik die bate wat opgegee word, kan onderken nie.

...

Oorgangsbepalings

...

Wysigings aan Standaarde van AERP

...

0.103 Die volgende paragrawe is gewysig deur die Verbeterings aan die Standaard A van AERP wat April 2017 uitgegee is. Hierdie wysigings is van krag vir jaartydperke wat op of ná 1 April 2018 begin. 'n Entiteit moet hierdie wysigings soos volg toepas:

- (a) paragraaf 0.24A en .37 moet vooruitwerkend toegepas word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute; en**



(b) paragraaf .41 moet terugwerkend toegepas word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute.

Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit die keuse uitoefen om hierdie wysigings vroeër toe te pas, moet hierdie feit openbaar gemaak word.

...

Datum van inwerkingtrede

...

~~Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas~~

~~.105 'n Entiteit moet wysigings aan hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat op of ná 1 April 2013 begin. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit hierdie wysigings toepas vir 'n tydperk wat voor 1 April 2013 begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.~~

A3. Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* (AERP 17)

Opsomming van wysigings

Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* was die gevolg van redaksionele veranderinge aan die oorspronklike teks en inkonsekwentheid in die metingsvereistes in AERP 23 en ander bateverwante Standaarde van AERP vir sover dit die behandeling van transaksiekoste betref. Ander veranderinge was die gevolg van veranderinge wat aangebring is aan IPSAS 17 oor *Property, Plant and Equipment* (IPSAS 17) as gevolg van die IPSASB se *Improvements to IPSASs 2014*, wat in Januarie 2015 uitgegee is, en *Improvements to IPSASs 2015*, wat in Maart 2015 uitgegee is.

Die mees beduidende veranderinge aan die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* word hieronder in hooftrekke uiteengesit:

Tipe wysiging	Paragraaf-verwysing	Opsomming van wysiging
Algemene verbeterings	.19, .100A, .102	Om die behandeling van transaksie- en ander koste wat aangegaan word aan bates wat deur nie-uitruiltransaksies verkry word, duidelik te maak sodat dit in ooreenstemming kan wees met die beginsel in AERP 23 (paragraaf .12).
	.29, .100A, .102	Om die metingsbeginsel wanneer bates in ruil vir 'n niemonetêre bate of bates, of 'n kombinasie van monetêre en niemonetêre bates verkry kan word, duidelik te maak.
IPSASB-wysigings	.40, .100A, .102	Om die herwaardasiemetodologie van die drabedrag en opgehoopde waardevermindering wanneer 'n item van eiendom, aanleg en toerusting herwaardeer word, duidelik te maak.
	73A, .100A, .102	Om aanvaarbare metodes vir die waardevermindering van bates duidelik te



Accounting Standards Board

		maak.
	.03, .11, .42, .100A, .102	Om terminologie in AERP 17 met dié in IPSAS 17 in ooreenstemming te bring. Die term "specialist military equipment" in IPSAS 17 is vervang deur die term "wapenstelsels" en gee 'n beskrywing van waaruit dit beslaan, ooreenkomstig die terminologie van Staatsfinansiële Statistiek.
	.02, .06, .27A, .42, .100A, .102	Om 'n draerplant te omskryf en draerplante in die omvang van AERP 17 in te sluit, terwyl die produk wat aan draerplante groei, binne die bestek van AERP 27 sal bly.

Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting*

Gewysigde teks word getoon met nuwe teks wat onderstreep en geskrapte teks wat deurgehaal is. Die volgende paragrawe in AERP 17 is gewysig:

Omvang

...

- .02 *'n Entiteit wat finansiële state ooreenkomstig die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet hierdie Standaard toepas by die in rekening bring van eiendom, aanleg en toerusting, buiten:*

...

biologiese bates wat met landboubedrywigheid uitgesonderd draerplante verband hou (kyk Standaard van AERP oor Landbou). Hierdie Standaard is van toepassing op draerplante maar is nie op die produk van draerplante van toepassing nie;

...

- .03 Hierdie Standaard is op eiendom, aanleg en toerusting van toepassing, met inbegrip van:
- (a) ~~gespesialiseerde militêre toerusting~~ wapenstelsels; en
 - (b) infrastruktuur**abates**.

...

Woordomsrywings

- .06 *Die volgende terme word met die gespesifiseerde betekenis in hierdie Standaard gebruik:*

'n Draerplant is 'n lewende plant wat:

(a) gebruik word in die produksie of voorsiening van 'n landbouproduk;

(b) na verwagting vir meer as een tydperk 'n produk sal dra; en

(c) ten opsigte waarvan daar 'n vae waarskynlikheid bestaan dat dit as 'n landbouproduk verkoop sal word, behalwe vir toevallige verkope as afvalmateriaal.

Paragraaf .07A tot .07C van die Standaard van AERP oor Landbou verstrekk meer besonderhede oor hierdie woordomskrywing van 'n draerplant.).

...

- .11 ~~Gespesialiseerde militêre toerusting~~ Wapenstelsels sal gewoonlik aan die woordomskrywing van eiendom, aanleg en toerusting voldoen en moet ooreenkomstig hierdie standaard as 'n bate erken word. Wapenstelsels sluit in voertuie en ander toerusting, soos oorlogskepe, duikbote, militêre vliegtuie, tenks, missieldraers en -lanseerders wat deurlopend in die voorsiening van verdedigingsdienste gebruik word, selfs as hulle gebruik in vrede tyd eenvoudig is om as afskrikmiddel te dien. Sommige enkelgebruikitems, soos sekere tipes ballistiese missiele, kan 'n voortgesette diens van afskrikking teen aggressors lewer, en kan as wapenstelsels geklassifiseer word.

...

Meting by erkenning

...

- .19 'n Item van eiendom, aanleg en toerusting kan deur 'n nie-uitruiltransaksie verkry word. Grond kan byvoorbeeld deur 'n ontwikkelaar aan 'n munisipaliteit geskenk word teen nul- of nominale teenprestasie, ten einde die munisipaliteit in staat te stel om parke, paaie en voetpaaie te ontwikkel. 'n Bate kan ook deur 'n nie-uitruiltransaksie verkry word deur die mag van onteiening uit te oefen. Onder hierdie omstandighede is die koste van die item die billike waarde daarvan soos op die datum waarop dit verkry word. By die bepaling van die billike waarde van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting wat deur 'n nie-uitruiltransaksie verkry is, pas die entiteit die beginsels in paragraaf .35 tot .38 toe. Enige transaksiekoste wat aangegaan word, word ooreenkomstig die vereistes van paragraaf .21 tot .27 erken.

...

Koste-elemente

- .27A Draerplante word op dieselfde wyse as selfgekonstrueerde items van eiendom, aanleg en toerusting in rekening gebring voordat hulle op die plek en in die toestand is wat nodig is om te kan funksioneer op die wyse wat deur bestuur beoog word. Gevolglik moet verwysings in hierdie Standaard na 'konstruksie' gelees word as as sou dit bedrywighede dek wat nodig is om te draerplante te kweek voordat hulle op die plek en in die toestand is wat nodig is om te kan funksioneer op die wyse wat deur bestuur beoog word.



...

Meting van koste

...

- .29 Een of meer items van eiendom, aanleg en toerusting kan verkry word in ruil vir 'n niemonetêre bate of bates, of 'n kombinasie van monetêre en niemonetêre bates. Die volgende bespreking verwys eenvoudig na 'n ruiling van een niemonetêre bate vir 'n ander, maar dit is ook van toepassing op alle ruilings wat in die voorafgaande sin beskryf word. Die koste van so 'n item van eiendom, aanleg en toerusting word teen billike waarde gemeet ~~indien tensy~~ die billike waarde van nóg die bate wat ontvang word nóg die bate wat opgegee word, betroubaar gemeet kan word. Indien die verkrygte item nie teen billike waarde gemeet word nie, word koste daarvan gemeet teen die drabedrag van die bate wat opgegee word. Die verkrygte item word op hierdie wyse gemeet selfs indien 'n entiteit nie onmiddellik die bate wat opgegee word, kan ontken nie. ~~Indien die verkrygte item nie teen billike waarde gemeet word nie, word koste daarvan gemeet teen die drabedrag van die bate wat opgegee word.~~

...

Herwaardasiemodel

- .40 Indien 'n item van eiendom, aanleg en toerusting herwaardeer word, word ~~enige opgehoopte waardevermindering~~ die drabedrag van daardie bate tot die toepaslike herwaardeerde bedrag aangesuiwer. Oep die datum van die herwaardasie word die bate op een van die volgende wyses behandel:
- (a) ~~proporsioneel hersaamgestel~~ die bruto drabedrag word aangesuiwer op 'n wyse wat in ooreenstemming is met die verandering in die bruto drabedrag van die bate sodat herwaardasie van die drabedrag van die bate. Die bruto drabedrag kan byvoorbeeld hersaamgestel word deur verwysing na die waarneembare markdata of dit kan in verhouding tot die verandering in die drabedrag hersaamgestel word. Die opgehoopte waardevermindering op die datum van die herwaardasie word aangesuiwer sodat dit gelyk is aan die verskil tussen die bruto drabedrag en die drabedrag van die bate ná die in rekening bring van die waardedalingsverliese ná herwaardasie gelyk is aan die herwaardeerde bedrag daarvan. Hierdie metode word dikwels gebruik ~~wanneer 'n bate deur middel van die toepassing van 'n indeks op sy afgeskryfde vervangingswaarde herwaardeer word;~~ of
 - (b) ~~die opgelope waardevermindering word afgeskryf teen die bruto drabedrag van die bate, en die netto bedrag hersaamgestel tot die herwaardeerde bedrag van~~



~~die bate. Hierdie metode word dikwels vir geboue gebruik.~~

Die bedrag van die aansuiwering ~~wat uit die hersamestelling of afskrywing~~ van die opgehoopde waardevermindering voortspruit, maak deel uit van die styging of daling in die drabedrag wat ooreenkomstig paragraaf .44 en .45 in rekening gebring word.

...

.42 'n Klas van eiendom, aanleg en toerusting is 'n groepering van bates van 'n vergelykbare aard of funksie in 'n entiteit se bedrywighede. Die volgende is voorbeelde van afsonderlike klasse::

...;

(h) ~~gespesialiseerde militêre toerusting~~ wapenstelsels;

...

(j) meubels en vaste toebehore; ~~en~~

(k) kantoortoerusting-; en

(l) draerplante.

Waardeverminderingsmetode

...

.73A 'n Waardeverminderingsmetode wat gebaseer is op inkomste wat gegenerer word deur 'n bedrywigheid wat die gebruik van 'n bate insluit, is nie toepaslik nie. Die inkomste wat gegenerer is deur 'n bedrywigheid wat die gebruik van 'n bate insluit, weerspieël oor die algemeen ander faktore buiten die verbruik van die ekonomiese voordele of dienspotensiaal van die bate. Inkomste word byvoorbeeld beïnvloed deur ander insette en prosesse, verkoopsbedrywighede en veranderinge in verkoopsvolumes en pryse. Die pryskomponent van inkomste kan deur inflasie beïnvloed word, wat geen invloed het op die wyse waarop 'n bate verbruik word nie.

...

Oorgangsbepalings

...

Wysigings aan Standaarde van AERP

...

0.100 Die volgende paragrafe is gewysig deur die Verbeterings aan die Standaard

A van AERP wat April 2017 uitgegee is. Hierdie wysigings is van krag vir jaartydperke wat op of ná 1 April 2018 begin. 'n Entiteit moet hierdie wysigings soos volg toepas:

(a) paragraaf .19 en .73A moet vooruitwerkend toegepas word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute;

(b) paragraaf .03 .11, .29 en .42 moet terugwerkend toegepas word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute.

(c) paragraaf .40 moet toegepas word op alle herevalueringe wat erken word in jaartydperke wat begin op of ná die datum van aanvanklike toepassing van die wysiging en in die onmiddellik voorafgaande jaartydperk; en

(d) paragraaf .02 .06, .27A en .42 moet terugwerkend toegepas word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute.

(i) in die verslagdoeningstydperk waarin die wysigings die eerste maal toegepas word, hoef 'n entiteit nie die kwantitatiewe inligting wat deur paragraaf .30(f) van die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleid, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute vereis word, vir die huidige tydperk toe te pas nie. 'n Entiteit moet egter vir elke vorige tydperk wat aangebied word die kwantitatiewe inligting aanbied wat deur paragraaf .30(f) van daardie Standaard vereis word; en

(ii) 'n entiteit kan kies om 'n item van draerplante te meet teen die billike waarde aan die begin van die vroegste tydperk wat in die finansiële state aangebied word vir die verslagdoeningstydperk waarin die entiteit hierdie wysigings die eerste keer toepas en die entiteit kan daardie billike waarde as die geoordeelde koste op daardie datum gebruik. Enige verskille tussen die vorige drabedrag en billike waarde moet erken word in die opgehoopte beginsurplusse/-tekorte aan die begin van die vroegste tydperk wat aangebied word.

Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit die keuse uitoefen om hierdie wysigings vroeër toe te pas, moet hierdie feit openbaar gemaak word.

...



Datum van inwerkingtrede

...

~~Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas~~

~~.102 'n Entiteit moet wysigings aan hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat op of ná 1 April 2016 begin. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit hierdie wysigings toepas vir 'n tydperk wat voor 1 April 2016 begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.~~

A4. Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Segmentverslagdoening* (AERP 18)

Opsomming van wysigings

Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Segmentverslagdoening* was die gevolg van redaksionele veranderinge, en ander veranderinge aan die oorspronklike teks is aangebring om ooreenstemming met ander Standaarde van AERP te verseker.

Die mees beduidende veranderinge aan die Standaard van AERP oor *Segmentverslagdoening* word hieronder in hooftrekke uiteengesit:

Tipe wysiging	Paragraaf-verwysing	Opsomming van wysiging
Algemene verbeterings	Bylae 1	'n Bylae met verduidelikende segmentopenbaarmakings is uit die Standaard geskrap, aangesien die Nasionale Tesourie volledige voorbeelde as deel van hul implementeringsleiding uitgegee het.

Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Segmentverslagdoening*

Die illustrerende voorbeeld van die openbaarmaking van rekeningkundige beleide is gekrap.

...

Bylae 1 – illustrerende segmentopenbaarmakings

Die bylae dien slegs ter illustrasie en maak nie deel van die Standaard uit nie. Die doel van die bylae is om die toepassing van die Standaard te illustreer om met die verduideliking van die betekenis daarvan behulpsaam te wees.

Inleiding

Die tabelle en aantekeninge lig segmentopenbaarmakings toe wat hierdie Standaard sou vereis van 'n onderwysentiteit wat hoofsaaklik deur bewilliging befonds word, maar sommige onderwysdienste op 'n kommersiële grondslag aan die werknemers van groot korporasies lewer, en wat by 'n kommersiële onderneming aangesluit het om 'n privaat onderwysstigting tot stand te bring wat op 'n kommersiële grondslag bedryf word. Die entiteit het beduidende invloed binne die stigting, maar beheer dit nie.

Segmentdata word vereis vir elke jaar waarin 'n volledige stel finansiële state aangebied word. Paragraafverwysings is na die onderskeie vereistes in hierdie Standaard.

Algemene inligting (paragraaf .20)

Die entiteit word georganiseer en doen aan die bestuur verslag op grond van vier groot funksionele gebiede: primêre, sekondêre, tersiêre en spesiale onderwysdienste. Die segmente is rondom die soort diens wat gelewer word en die teikenmark georganiseer. Die bestuur gebruik dieselfde segmente vir die vasstelling van strategiese doelwitte. Segmente is nie vir verslagdoeningsdoeleindes saamgevoeg nie.

Bedrywighede van die spesiale onderwysdienssegmente sluit die lowering in van onderwysdienste op 'n kommersiële grondslag aan die werknemers van groot korporasies. By die lowering van hierdie dienste aan eksterne partye maak die kommersiëledienste eenheid van die segment op 'n betaling- vir dienstegrondslag gebruik van dienste gelewer deur die primêre, sekondêre en tersiêre segmente. Hierdie intersegmentoordragte word met konsolidasie uitgeskakel.

Inligting wat oor hierdie segmente voorgelê word, word deur die bestuur gebruik as 'n grondslag vir die evaluering van die segmente se prestasies en vir die neem van besluite oor die toedeling van hulpbronne. Die openbaarmaking van inligting oor hierdie segmente word ook beskou as geskik vir eksterne verslagdoening.



Accounting Standards Board

Inligting oor surplus of tekorte, bates en laste (paragraaf .21 en .23) en rekonsiliasies (paragraaf .27)	Primêr	Sekondêr	Tersiêr	Spesiale Dienste	Uitskakelings	TOTAAL
20X2 R'000						
INKOMSTE						
Inkomste uit nie-uitruiltransaksies	29	19	—22	17		
Inkomste uit uitruiltransaksies	3	2	-	9		14
Intersegmentoordragte	6	4	-6	-4	(20)	-
Aandeel van surplusse van geassosieerdes				8		-8
Totale segmentinkomste	38	25	-28	-38	(20)	-109
UITGAWES						
Salarisse en lone	(23)	(16)	(13)	(15)		(67)
Waardevermindering en amortisasie	(5)	(4)	(5)	(6)		(20)
Ander uitgawes	(7)	(5)	(10)	(7)	20	(9)
Totale segmentuitgawes	(35)	(25)	(28)	(28)	20	(96)
Totale segmentsurplus	3	-	-	10	-	13
Rente-inkomste						2
Ander ontoegewese inkomste						9
Rente-uitgawes						(4)
Ontoegewese uitgawes						(7)
Surplus vir die tydperk	3	-	-	10	-	-13
BATES	0	0				
Segmentbates	30	20	30	19		99
Belegging in geassosieerdes (ekwiteitsmetode)				26		26
Ontoegewese bates						-30
Totale bates						155
LASTE						
Segmentlaste	9	6	14	9		35
Ontoegewese laste						55
Totale laste						90
ANDER INLIGTING						
Kapitaalbesteding*	6	4	5	3		
Niekontantitems met uitsluiting van waardevermindering						
Opgehoopte uitgawes	(1)	(1)	-(3)	-(3)		

Uitgestelde inkomste	-	-	-	4		-

20X1 R'000	Primêr	Sekondêr	Tersiêr	Spesiale Dienste	Uitskakeling s	TOTAAL
SEGMENTINKOMSTE						
Inkomste uit nie-uitruiltransaksies	24	16	-23	17		80
Inkomste uit uitruiltransaksies	2	2	-	6		10
Intersegmentoordragte	4	2	7	-6	(19)	-
Aandeel van surplusse van geassosieerdes				7		-7
Totale segmentinkomste	30	20	-30	-36	-19	-97
SEGMENTUITGAWES						
Salarisse en lone	(19)	(12)	(13)	(15)		(59)
Waardevermindering en amortisasie	(4)	(3)	(7)	(4)		(18)
Ander uitgawes	(7)	(4)	(9)	(7)	19	(8)
Totale segmentuitgawes	(30)	(19)	(29)	(26)	19	(85)
Rente-inkomste						2
Ander ontoegewese inkomste						7
Rente-uitgawes						(4)
Ontoegewese uitgawes						(7)
Surplus vir die tydperk	-	1	1	10	-	-10
BATES	0	0				
Segmentbates	30	20	30	19		99
Belegging in geassosieerdes (ekwiteitsmetode)				26		26
Ontoegewese bates						-30
Totale bates						155
LASTE						
Segmentlaste	9	6	14	9		35
Ontoegewese laste						55
Totale laste						90
ANDER INLIGTING						
Kapitaalbesteding*	6	4	5	3		
<i>Niekontantitems met uitsluiting van waardevermindering</i>						
Opgehoopte uitgawes	(1)	(1)	-(3)	-(3)		
Uitgestelde inkomste	-	-	-	1		-

Meting van segmentsurplus of tekort, bates en laste (paragraaf .24 tot .26)

Die rekeningkundige beleide van die segmente is dieselfde as dié wat in die opsomming van beduidende rekeningkundige beleide beskryf is, behalwe dat pensioenuitgawes vir elke segment op grond van kontantbetalings aan die pensioenplan erken en gemeet word.

Intersegmentoordragte: segmentinkomste en segmentuitgawes sluit inkomste en uitgawes in wat voortspruit uit oordragte tussen segmente. Sodanige oordragte word gewoonlik teen kosprys in rekening gebring en word by konsolidasie uitgeskakel. Die bedrag van hierdie oordragte was R20 miljoen (R19 miljoen in 20X1).

Beleggings in geassosieerdes word met behulp van die ekwiteitsmetode in rekening gebring: die entiteit besit 40% van die aandele van AfricaED Bpk, 'n spesialis opvoedkundige stigting wat onderwysdienste internasionaal op 'n kommersiële grondslag op kontrak aan multilaterale uitleenagentskappe lewer. Die belegging in en die entiteit se aandeel van AfricaED se netto wins is uitgesluit uit segmentbates en segmentinkomste. Dit word afsonderlik aangetoon onder ander dienste, die segment wat verantwoordelik is vir die administrasie van die belegging in die geassosieerde.

Inligting oor geografiese gebiede (paragraaf .31 en .32)

Die meeste van die entiteit se bedrywighede is in die Gauteng-provinsie, maar as deel van 'n hulpprogram het hy ook fasiliteite in Oos-Afrika tot stand gebring vir die voorsiening van sekondêre onderwysdienste. Die totale koste van dienste wat in Oos-Afrika gelewer word, is R5 miljoen (R4 miljoen in 20X1). Die totale drabedrag van die onderwysfasiliteite in Oos-Afrika is R3 miljoen (R6.5 miljoen in 20X1). Daar was geen uitgawes vir die verkryging van kapitaalbates in Oos-Afrika gedurende 20X2 of 20X1 nie. Inkomste word nie per geografiese gebied toegeedeel nie.

Die tabel hier onder dui die uitgawes aan wat in die onderskeie streekgebiede aangegaan is ná die uitskakeling van intersegmentoordragte.

R'000

Gauteng-provinsie

	20x2	20X1
Streek A	44	41
Streek B	19	16
Streek C	28	24
<i>Subtotaal</i>	91	81



Buitelandse uitgawes – Oos-Afrika

5

4

Totale segmentuitgawes

96

85

A5. Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates* (AERP 21)

Opsomming van wysigings

Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates* Ander veranderinge was die gevolg van veranderinge wat aangebring is aan IPSAS 21 oor *Impairment of Non-Cash-Generating Assets* (IPSAS 21) as gevolg van die IPSASB se *Impairment of Revalued Assets*, wat in Maart 2016 uitgegee is.

Die mees beduidende veranderinge aan die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates* word hieronder uiteengesit:

Tipe wysiging	Paragraaf-verwysing	Opsomming van wysiging
IPSASB wysigings se	GG10A. Vergelyking met IPSAS	Om die Grondslag vir gevolgtrekkings en vergelyking met IPSAS'e om die IPSASB se onlangse besluit oor die waardedaling van herwaardeerde bates te weerspieël.

Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates*

Gewysigde teks word getoon met nuwe teks wat onderstreep en geskrapte teks wat deurgehaal is. Die volgende paragrawe in AERP 21 is gewysig:

Grondslag vir gevolgtrekkings

Omvang

Insluiting van eiendom, aanleg en toerusting gedra teen herwaardeerde bedrae

- GG3. Eiendom, aanleg en toerusting wat teen herwaardeerde bedrae ooreenkomstig die herwaardasie-model gedra word, is binne die omvang van die Internasionale Rekeningkundige Standaard oor *Waardedaling van Bates* (IAS 36).
- GG4. Die omvang van IPSAS 21 sluit egter niekontantgenererende eiendom, aanleg en toerusting uit wat teen herwaardeerde bedrae gedra word ooreenkomstig die herwaardasie-model in die International Public Sector Accounting Standard oor *Property, Plant and Equipment* (IPSAS 17). Die grondslag vir die gevolgtrekkings in IPSAS 21 stel dit dat die van mening is dat die bates wat teen herwaardeerde bedrae ooreenkomstig die herwaardasie-model in IPSAS 17 gedra word, gereeld genoeg herwaardeer moet word om te verseker dat dit gedra word teen 'n bedrag wat nie wesenlik van die billike waarde daarvan op die verslagdoeningsdatum verskil nie. Waardedaling sal dus in daardie waardasie in ag geneem word.
- GG5. 'n Soortgelyke omvangsuitsluiting vir kontantgenererende eiendom, aanleg en toerusting wat teen herwaardeerde bedrae gedra word, is ingesluit in die International Public Sector Accounting Standard oor *Property, Plant and Equipment* (IPSAS 26). Die IPSASB het tot die gevolgtrekking gekom dat dit beswarend sou wees om, benewens die bestaande vereiste in IPSAS 17 wat vereis dat bates met toereikende reëlmaat herwaardeer moet word om te verseker dat hulle gedra word teen 'n bedrag wat nie wesenlik van hul billike waarde op die verslagdoeningsdatum verskil nie, 'n vereiste te stel om vir waardedaling te toets. Daarom het die IPSASB tot die gevolgtrekking gekom dat IPSAS 26 in ooreenstemming met die gevolgtrekking in IPSAS 21 moet wees.
- GG6. In hul redenasie om eiendom, aanleg en toerusting wat teen herwaardeerde bedrae gedra word uit die omvang van IPSAS 21 en IPSAS 26 uit te sluit, het die IPSASB genoem dat in IAS 36 die maksimum bedrag van 'n waardedalingsverlies die vervreemdingkoste is. Dit is veral toepaslik in gevalle waar die billike waarde

van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting die markwaarde daarvan is. Die IPSASB is van mening dat, in die meeste gevalle, dit nie weselik sal wees nie dat, uit 'n praktiese oogpunt, dit nie nodig om 'n bate se verhaalbare diensbedrag te meet en 'n waardedalingsverlies vir die vervreemdingskoste van die bate erken nie.

- GG7. Die Raad stem egter saam met die omvangsinsluiting van eiendom, aanleg en toerusting wat soos in IAS 36 teen herwaardeerde bedrae gedra word. Die Raad is van mening dat dit nie te beswarend sal wees om op elke verslagdoeningsdatum te evalueer of daar 'n aanduiding is dat 'n bate verswak kan wees, of dat 'n waardedalingsverlies vir die bate wat in vorige tydperke erken is, moontlik nie meer bestaan nie.
- GG8. Die Raad is ook van mening dat entiteite moontlik nie hul bates met "toereikende reëlmaat" herwaardeer nie, omdat die koste van herwaardasie van sekere openbaresektorbates aanvanklik baie duur kan wees. Die vervreemdingskoste van sekere gespesialiseerde bates in die openbare sektor kan dus wel beduidend wees. Die omvangsuitsluiting van niekontantgenererende eiendom, aanleg en toerusting wat teen herwaardeerde bedrae gedra word, is dus nie in hierdie Standaard ingesluit nie.

Insluiting van ontasbare bates gedra teen herwaardeerde bedrae

- GG9. Om soortgelyke redes as dié wat verstrekkend is vir die omvangsuitsluiting van niekontantgenererende eiendom, aanleg en toerusting wat teen herwaardeerde bedrae gedra word, het die IPSASB ook 'n omvangsuitsluiting gedoen van die waardedaling van kontantgenererende ontasbare bates wat teen herwaardeerde bedrae gedra word. IAS 36 sluit egter die waardedaling van sodanige ontasbare bates in die omvang van die Standaard in.
- GG10. Om soortgelyke redes as dié wat verstrekkend is vir die omvangsuitsluiting van niekontantgenererende eiendom, aanleg en toerusting wat teen herwaardeerde bedrae gedra word, stem die Raad saam met die omvangsinsluiting van waardedaling van niekontantgenererende ontasbare bates wat teen herwaardeerde bedrae soos in IAS 36 gedra word. Die omvangsuitsluiting vir die waardedaling van niekontantgenererende ontasbare bates wat teen herwaardeerde bedrae gedra word, is dus nie in hierdie Standaard ingesluit nie.
- GG10
A In 2015 het die IPSASB die oorspronklike besluit om herwaardeerde eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates uit die omvang van IPSAS 21 uit te sluit heroorweeg. Gevolglik is die algemene beginsel in hierdie Standaard van AERP nou in ooreenstemming met wat in die hersiene IPSAS 21 gevind word. Met

betrekking tot die erkenning en meting van waardedalings en omswaaiings vir herwaardeerde bates, volg die rade egter verskillende benaderings. Die IPSASB erken die waardedalingsverliese en omswaaiings in die herwaardasiereserwe vir die klas bates, terwyl die Raad dit vir dieselfde bate erken. Die Raad het die IPSASB se benadering as deel van die *Verbeterings aan Standaard van AERP (2016)* oorweeg, maar het saamgestem dat dit onvanpas sou wees om hul benadering met dié van die IPSASB te belyn, aangesien die benadering in AERP 21 in ooreenstemming is met die beginsel in die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* wat vereis dat herwaardasieverhogings of -verlagings op die herwaardasiesurplus van dieselfde bate toegepas word.

...

Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor *Impairment of Non-Cash-Generating Assets* (Februarie 2007)

Die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates* hoofsaaklik berus op die International Public Sector Accounting Standard oor *Impairment of Non-Cash-Generating Assets* (IPSAS 21). Die belangrikste verskille tussen hierdie Standaard en IPSAS 21 is soos volg:

- Hierdie standaard gebruik in sekere gevalle ander terminologie as IPSAS 21. Die mees beduidende voorbeeld is die gebruik van die term "netto bates" in hierdie Standaard. Die ekwivalente term in IPSAS 21 is "net assets/equity".
- Die omvang van die Standaard van AERP is anders in dié sin dat biologiese bates wat landboubedrywighede verband hou wat teen billike waarde minus koste om te verkoop gemeet word van die omvang van hierdie standaard uitgesluit is. IPSAS 21 het geen sodanige omvangsuitsluitings nie.
- ~~Niekontantgenererende eiendom, aanleg en toerusting wat teen herwaardeerde bedrae gemeet word en ontasbare bates wat teen herwaardeerde bedrae gemeet word is nie uit die omvang van hierdie Standaard uitgesluit nie. Bykomende riglyne oor die hantering van waardedalingsverliese vir bates wat teen herwaardeerde bedrae gemeet word, en bykomende openbaarmakings wat op sulke bates betrekking het, is ook in hierdie Standaard ingesluit. Bates wat teen herwaardeerde bedrae gemeet word, is uit IPSAS 21 uitgesluit. Gevolglik is riglyne oor die hantering van waardedalingsverliese wat op sulke bates betrekking het, ook nie in IPSAS 21 ingesluit nie.~~
- AERP 21 erken waardedalingsverliese en omswaaiings vir bates wat gemeet word teen



herwaardeerde bedrae in die herwaardasiereserwe vir dieselfde bate, terwyl IPSAS 21 dit in die herwaardasiereserwe vir dieselfde klas bates erken.

- Oorgangsbepalings wat op hierdie Standaard van AERP van toepassing is, word anders as in IPSAS 21 behandel.
- 'n Vloiediagram is as 'n bylae ingesluit om entiteite te help om te evalueer of die waarde van 'n niekontantgenererende bate gedaal het en om die verhaalbare diensbedrag te bepaal indien een van die waardedalingaanwysers geaktiveer is.
- Die bylaes met illustrerende voorbeelde van aanduidings van waardedaling en meting van waardedalingsverlies is uit hierdie Standaard geskrap.

A6. Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates (AERP 26)*

Opsomming van wysigings

Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates* Ander veranderinge was die gevolg van veranderinge wat aangebring is aan IPSAS 26 oor *Impairment of Cash-Generating Assets (IPSAS 26)* as gevolg van die IPSASB se *Impairment of Revalued Assets*, wat in Maart 2016 uitgegee is.

Die mees beduidende veranderinge aan die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates* word hieronder uiteengesit:

Tipe wysiging	Paragraaf-verwysing	Opsomming van wysiging
IPSASB wysigings se	GG10A. Vergelyking met IPSAS	Om die Grondslag vir gevolgtrekkings en vergelyking met IPSAS'e om die IPSASB se onlangse besluit oor die waardedaling van herwaardeerde bates te weerspieël.

Die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates*

Gewysigde teks word getoon met nuwe teks wat onderstreep en geskrapte teks wat deurgehaal is. Die volgende paragrawe in AERP 26 is gewysig:

Grondslag vir gevolgtrekkings

Omvang

Insluiting van eiendom, aanleg en toerusting gedra teen herwaardeerde bedrae

- GG3. Eiendom, aanleg en toerusting wat teen herwaardeerde bedrae ooreenkomstig die herwaardasiemodel gedra word, is binne die omvang van die Internasionale Rekeningkundige Standaard oor *Waardedaling van Bates* (IAS 36).
- GG4. Die omvang van IPSAS 21 sluit egter niekontantgenererende eiendom, aanleg en toerusting uit wat teen herwaardeerde bedrae gedra word ooreenkomstig die herwaardasiemodel in die International Public Sector Accounting Standard oor *Property, Plant and Equipment* (IPSAS 17). Die grondslag vir die gevolgtrekkings in IPSAS 21 stel dit dat die van mening is dat die bates wat teen herwaardeerde bedrae ooreenkomstig die herwaardasiemodel in IPSAS 17 gedra word, gereeld genoeg herwaardeer moet word om te verseker dat dit gedra word teen 'n bedrag wat nie weselik van die billike waarde daarvan op die verslagdoeningsdatum verskil nie. Waardedaling sal dus in daardie waardasie in ag geneem word.
- GG5. 'n Soortgelyke omvangsuitsluiting van niekontantgenererende eiendom, aanleg en toerusting wat teen herwaardeerde bedrae gedra word, is in IPSAS 26 ingesluit. Die IPSASB het tot die gevolgtrekking gekom dat dit beswarend sou wees om, benewens die bestaande vereiste in IPSAS 17 wat vereis dat bates met toereikende reëlmaat herwaardeer moet word om te verseker dat hulle gedra word teen 'n bedrag wat nie weselik van hul billike waarde op die verslagdoeningsdatum verskil nie, 'n vereiste te stel om vir waardedaling te toets. Daarom het die IPSASB tot die gevolgtrekking gekom dat IPSAS 26 in ooreenstemming met die gevolgtrekking in IPSAS 21 moet wees.
- GG6. In hul redenasie om eiendom, aanleg en toerusting wat teen herwaardeerde bedrae gedra word uit die omvang van IPSAS 26 uit te sluit, het die IPSASB genoem dat in IAS 36 die maksimum bedrag van 'n waardedalingsverlies die vervreemdingkoste is. Dit is veral toepaslik in gevalle waar die billike waarde van

'n item van eiendom, aanleg en toerusting die markwaarde daarvan is. Die IPSASB is van mening dat, in die meeste gevalle, dit nie wesenlik sal wees nie dat, uit 'n praktiese oogpunt, dit nie nodig om 'n bate se verhaalbare diensbedrag te meet en 'n waardedalingsverlies vir die vervreemdingskoste van die bate erken nie.

- GG7. Die Raad stem egter saam met die omvangsinsluiting van eiendom, aanleg en toerusting wat soos in IAS 36 teen herwaardeerde bedrae gedra word. Die Raad is van mening dat dit nie te beswarend sal wees om op elke verslagdoeningsdatum te evalueer of daar 'n aanduiding is dat 'n bate verswak kan wees, of dat 'n waardedalingsverlies vir die bate wat in vorige tydperke erken is, moontlik nie meer bestaan nie.
- GG8. Die Raad is ook van mening dat entiteite moontlik nie hul bates met "toereikende reëlmaat" herwaardeer nie, omdat die koste van herwaardasie van sekere openbaresektorbates aanvanklik baie duur kan wees. Die vervreemdingskoste van sekere gespesialiseerde bates in die openbare sektor kan dus wel beduidend wees. Die omvangsuitsluiting van niekontantgenererende eiendom, aanleg en toerusting wat teen herwaardeerde bedrae gedra word, is dus nie in hierdie Standaard ingesluit nie.

Insluiting van ontasbare bates gedra teen herwaardeerde bedrae

- GG9. Om soortgelyke redes as dié wat verstrek is vir die omvangsuitsluiting van niekontantgenererende eiendom, aanleg en toerusting wat teen herwaardeerde bedrae gedra word, het die IPSASB ook 'n omvangsuitsluiting gedoen van die waardedaling van kontantgenererende ontasbare bates wat teen herwaardeerde bedrae gedra word. IAS 36 sluit egter die waardedaling van sodanige ontasbare bates in die omvang van die Standaard in.
- GG10. Om soortgelyke redes as dié wat verstrek is vir die omvangsuitsluiting van niekontantgenererende eiendom, aanleg en toerusting wat teen herwaardeerde bedrae gedra word, stem die Raad saam met die omvangsinsluiting van waardedaling van niekontantgenererende ontasbare bates wat teen herwaardeerde bedrae soos in IAS 36 gedra word. Die omvangsuitsluiting vir die waardedaling van niekontantgenererende ontasbare bates wat teen herwaardeerde bedrae gedra word, is dus nie in hierdie Standaard ingesluit nie.
- GG10A In 2015 het die IPSASB die oorspronklike besluit om herwaardeerde eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates uit die omvang van IPSAS 26 uit te sluit heroorweeg. Gevolglik is die algemene beginsel in hierdie Standaard van AERP nou in ooreenstemming met wat in die hersiene IPSAS 26 gevind word. Met

betrekking tot die erkenning en meting van waardedalings en omswaaiings vir herwaardeerde bates, volg die rade egter verskillende benaderings. Die IPSASB erken die waardedalingsverliese en omswaaiings in die herwaardasiereserwe vir die klas bates, terwyl die Raad dit vir dieselfde bate erken. Die Raad het die IPSASB se benadering as deel van die *Verbeterings aan Standaard van AERP (2016)* oorweeg, maar het saamgestem dat dit onvanpas sou wees om hul benadering met dié van die IPSASB te belyn, aangesien die benadering in AERP 26 in ooreenstemming is met die beginsel in die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* wat vereis dat herwaardasieverhogings of -verlagings op die herwaardasiesurplus van dieselfde bate toegepas word.

...

Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor *Impairment of Cash-Generating Assets* (Januarie 2008)

Die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates* hoofsaaklik berus op die International Public Sector Accounting Standard oor *Impairment of Cash-Generating Assets* (IPSAS 26). Die belangrikste verskille tussen hierdie Standaard en IPSAS 26 is soos volg:

- Hierdie Standaard van AERP gebruik in sekere gevalle ander terminologie as IPSAS 26. Die mees beduidende voorbeeld is die gebruik van die term "netto bates" in hierdie Standaard. Die ekwivalente term in IPSAS 21 is "net assets/equity".
- ~~Kontantgenererende eiendom, aanleg en toerusting wat teen herwaardeerde bedrae gemeet word en ontasbare bates wat teen herwaardeerde bedrae gemeet word is nie uit die omvang van hierdie Standaard uitgesluit nie. Bykomende riglyne oor die hantering van waardedalingsverliese vir bates wat teen herwaardeerde bedrae gemeet word, en bykomende openbaarings wat op sulke bates betrekking het, is ook in hierdie Standaard ingesluit. Bates wat teen herwaardeerde bedrae gemeet word, is uit IPSAS 26 uitgesluit. Gevolglik is riglyne oor die hantering van waardedalingsverliese wat op sulke bates betrekking het, ook nie in IPSAS 26 ingesluit nie.~~
- AERP 26 erken waardedalingsverliese en omswaaiings vir bates wat gemeet word teen herwaardeerde bedrae in die herwaardasiereserwe vir dieselfde bate, terwyl IPSAS 26 dit in die herwaardasiereserwe vir dieselfde klas bates erken.
- Die leiding in hierdie Standaard is in ooreenstemming gebring met leiding in die



Standaard van AERP oor *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates* (AERP 21)

- Oorgangsbepalings wat op hierdie Standaard van AERP van toepassing is, word anders as in IPSAS 26 behandel.
- 'n Vloiediagram is as 'n bylae ingesluit om entiteite te help om te evalueer of die waarde van 'n kontantgenererende bate of 'n kontantgenererende eenheid gedaal het en om die verhaalbare bedrag te bepaal indien een van die waardedalingsaanwysers geaktiveer is.
- Die bylaes met illustrerende voorbeelde oor die gebruik van huidigewaardetegnieke om waarde in gebruik te meet en illustrerende leiding is uit hierdie Standaard geskrap.

A7. Wysigings aan die Standaard van AERP oor Voorraad (AERP 27)

Opsomming van wysigings

Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Landbou* was die gevolg van veranderinge wat aangebring is aan IPSAS 27 oor *Landbou* (IPSAS 27) as gevolg van die IPSASB se *Improvements to IPSASs 2015*, wat in Maart 2016 uitgegee is.

Die mees beduidende veranderinge aan die Standaard van AERP oor *Landbou* word hieronder in hooftrekke uiteengesit:

Tipe wysiging	Paragraaf-verwysing	Opsomming van wysiging
IPSASB wysigings se	.02, .03, .05, .06, .07, .07A, .07B, .07C, .26, .38, .55A, .57	<p>Om 'n draerplant te omskryf en draerplante in die omvang van AERP 17 in te sluit, terwyl die produk wat aan draerplante groei, binne die bestek van AERP 27 sal bly.</p> <p>Benewens die veranderinge wat deur die IPSASB aangebring is, is 'n gevolglike wysiging aan AERP 103 oor <i>Erfenisbates</i> aangebring. Die IPSASB het tans nie 'n uitspraak oor hierdie onderwerp nie.</p>

Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Landbou*

Gewysigde teks word getoon met nuwe teks wat onderstreep en geskrapte teks wat deurgehaal is. Die volgende paragrawe in AERP 27 is gewysig:

Omvang

...

.02 'n Entiteit wat finansiële state ooreenkomstig die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet hierdie Standaard toepas om die volgende rekeningkundig te verantwoord wanneer dit met landboulandboubedrywigheid verband hou:

(a) *biologiese bates; en*

(b) *landbouprodukte op die punt waar dit geoes word.*

.03 Hierdie Standaard is nie van toepassing nie op:

(a) grond wat met landboubedrywigheid verband hou (kyk die Standaarde van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* en *Beleggingseiendom*);

(aA) draerplante wat met landboubedrywigheid verband hou (kyk die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting*). Hierdie Standaard is egter van toepassing op die produkte aan daardie draerplante;

...

...

.05 Hierdie Standaard word op landbouprodukte toegepas wat die geoste produk van die entiteit se biologiese bates is, slegs op die punt waar dit geoes word. Daarna word die Standaard van AERP oor *Vorraad* of 'n ander toepaslike Standaard van AERP toegepas. Gevolglik handel hierdie Standaard nie oor die verwerking van landbouprodukte ná oesinsameling nie; byvoorbeeld, die verwerking van druiwe tot wyn deur 'n wynmaker wat die druiwe gekweek het. Hoewel sodanige verwerking 'n logiese en natuurlike verlenging van landboubedrywigheid is, en hoewel die gebeurtenisse wat plaasvind 'n ooreenkoms met biologiese transformasie kan toon, word sodanige verwerking nie in die omskrywing van landboubedrywigheid in hierdie Standaard ingesluit nie.

- .06 Die tabel hieronder bied voorbeelde van biologiese bates, landbouprodukte en produkte wat die gevolg van verwerking ná oesinsameling is:

Biologiese bates	Landbouproduk	Produkte wat die gevolg van verwerking ná oesinsameling is
Skape	Wol	Garing, tapyt
Bome in 'n plantasie	Afgekapte bome	Stompe, hout
Plante	Katoen	Garing, klere
	Geoeste riet	Suiker
Melkbeeste	Melk	Kaas
Varke	Karkas	Wors, berookte ham
<u>Katoenplante</u>	<u>Geoeste katoen</u>	<u>Garing, klere</u>
<u>Suikerriet</u>	<u>Geoeste riet</u>	<u>Suiker</u>
<u>Tabakplante</u>	<u>Geplukte blare</u> Blare	Tee, <u>Gedroogte</u> tabak
<u>Teeplante</u>	<u>Geplukte blare</u>	<u>Tee</u>
Wingerde:	<u>Geplukte</u> Druive	Wyn
Vrugtebome	Vrugte wat gepluk is	Verwerkte vrugte
<u>Oliepalm</u> bome	<u>Vrugte wat gepluk is</u>	<u>Palmolie</u>
<u>Rubberbome</u>	<u>Geoeste rubbermelk</u>	<u>Rubberprodukte</u>

Sommige plante, byvoorbeeld teeplante, wingerde, oliepalmbome en rubberbome voldoen gewoonlik aan die woordoms krywing van 'n draerplant en val binne die omvang van die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting*; Die produkte wat egter aan draerplante groei, byvoorbeeld teeblare, druiwe, oliepalmvrugte en rubbermelk, val binne die omvang van hierdie Standaard.

...

Woordoms krywings

.07 **Die volgende terme word met die gespesifiseerde betekenis in hierdie Standaard gebruik:**

'n Landbouprodukt is die geoeste produkt van die entiteit se biologiese bates.

'n Draerplant is 'n lewende plant wat:

(a) gebruik word in die produksie of voorsiening van 'n landbouprodukt;

(b) na verwagting vir meer as een tydperk 'n produkt sal dra; en

(c) ten opsigte waarvan daar 'n vae waarskynlikheid bestaan dat dit as 'n landbouprodukt verkoop sal word, behalwe vir toevallige verkope as afvalmateriaal.

0.07 Die volgende is nie draerplante nie:

A

(a) plante wat gekweek word om as landbouprodukte geoes te word (byvoorbeeld bome wat geplant word vir gebruik as timmerhout);

(b) plante wat gekweek word om landbouprodukte te produseer waar daar meer as 'n vae waarskynlikheid bestaan dat die entiteit ook die plant sal oes en as landbouprodukt sal verkoop, buiten as vir toevallige verkope as afvalmateriaal; en

(c) jaarlikse oeste (byvoorbeeld mielies en koring).

0.07 Wanneer draerplante nie meer gebruik word om produkte te dra nie, kan dit afgesny en as afvalmateriaal verkoop word, byvoorbeeld vir gebruik as vuurmaakhout. Sodanige toevallige verkope as afvalmateriaal sal nie verhoed dat die plant aan die woordoms krywing van 'n draerplant voldoen nie.

.07C 'n Produkt wat aan draerplante groei, is 'n biologiese bate.

...

Erkenning en meting

...

.26 Kosprys kan soms na aan billike waarde kom, veral:

- (a) indien min biologiese transformasie plaasgevind het sedert aanvanklike koste aangegaan is (byvoorbeeld vir ~~vrugteboom~~saailinge wat onmiddellik voor die verslagdoeningsdatum geplant is of nuut verkrygte lewende hawe); of
- (b) indien die impak van die biologiese transformasie op die prys nie verwag word om beduidend te wees nie (byvoorbeeld, vir die aanvanklike groei in 'n 30-jaardenneplantasiesiklus).

...

Openbaarmaking

Algemeen

...

.38 Verbruikbare biologiese bates is die wat vir oes as landbouprodukte of vir verkoop of verspreiding deur 'n nie-uitruiltransaksie as biologiese bates gehou word. Voorbeelde van verbruikbare biologiese bates is diere en plante vir eenmalige gebruik, soos vee wat vir die produksie van vleis bedoel is, vee wat aangehou word om te verkoop, vis in visplase, gewasse soos mielies en koring, 'n produk aan 'n draerplant en bome wat vir hout gekweek word. Draende biologiese bates is daardie biologiese bates wat herhaaldelik of voortdurend vir meer as een jaar in 'n landboubedrywigheid gebruik word. Draende biologiese bates is nie landbouprodukte nie, maar is word eerder gehou om produkte te dra self-genererend. Voorbeelde van tipes diere wat draende biologiese bates is, sluit teeldiere (met inbegrip van vis en pluimvee), vee waarvan melk geproduseer word, en skape en ander diere wat gebruik word om wol te produseer in. Voorbeelde van tipes plante wat draende biologiese bates is, sluit bome waarvan vrugte geoes word, wingerde en bosse in wat aangeplant word vir die oes van vrugte, neute, sap, hars, bas en blaarprodukte ~~en bome waarvan vuurmaakhout geoes word terwyl die boom agterbly~~.

...

Oorgangsbepalings

...

Wysigings aan Standaarde van AERP

...

0.55 Die volgende paragrawe is gewysig deur die Verbeterings aan die Standaard van AERP wat April 2017 uitgegee is. Hierdie wysigings is van krag vir jaartydperke wat op of ná 1 April 2018 begin. 'n Entiteit moet hierdie wysigings soos volg toepas:

- (a) paragraaf .02, .03, .05, .06, .07, 07A, .07B, .07C, .26 en .38 moet terugwerkend toegepas word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute; en**
- (b) in die verslagdoeningstydperk waarin die wysigings die eerste maal toegepas word, hoef 'n entiteit nie die kwantitatiewe inligting wat deur paragraaf .30(f) van die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleid, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute vereis word, vir die huidige tydperk toe te pas nie. 'n Entiteit moet egter vir elke vorige tydperk wat aangebied word die kwantitatiewe inligting aanbied wat deur paragraaf .30(f) van daardie Standaard vereis word.**

Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit die keuse uitoefen om hierdie wysigings vroeër toe te pas, moet hierdie feit openbaar gemaak word.

...

Datum van inwerkingtrede

...

~~Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas~~

~~.57 'n Entiteit moet wysigings aan hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat op of ná 1 April 2013 begin. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit hierdie wysigings toepas vir 'n tydperk wat voor 1 April 2013 begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.~~

Gevolglike wysigings aan ander Standaarde van AERP

Die volgende wysigings van die Standaarde oor *Hure, Beleggingseiendom* en *Waardedaling van Kontantgenererende Bates* is die gevolg van die wysigings wat aan die Standaard van AERP oor *Landbou* aangebring is.

Standaard van AERP oor *Hure* (AERP 13)

Gewysigde teks word getoon met nuwe teks wat onderstreep en geskrapte teks wat deurgehaal is. Die volgende paragrawe in AERP 13 is gewysig:

Omvang

...

.02 ...

Hierdie Standaard moet egter nie toegepas word nie as die grondslag van meting vir:

- (a) ***eiendom wat deur huurders gehou word wat as beleggingseiendom in rekening gebring word (kyk die Standaard van AERP oor Beleggingseiendom);***
- (b) ***beleggingseiendom wat deur verhuurders verskaf word ooreenkomstig bedryfshure (kyk die Standaard van AERP oor Beleggingseiendom);***
- (c) ***biologiese bates binne die omvang van die Standaard van AERP oor Landbou wat deur huurders gehou word ooreenkomstig bruikhure (~~kyk die Standaard van AERP oor Landbou~~); of***
- (d) ***biologiese bates binne die omvang van die Standaard van AERP oor Landbou wat deur verhuurders verskaf word ooreenkomstig bedryfshure (~~kyk die Standaard van AERP oor Landbou~~).***

...

Standaard van AERP oor *Beleggingseiendom* (AERP 16)

Gewysigde teks word getoon met nuwe teks wat onderstreep en geskrapte teks wat deurgehaal is. Die volgende paragrawe in AERP 16 is gewysig:

Omvang

...

.04 Hierdie Standaard is nie van toepassing nie op:

- (a) biologiese bates wat met landboubedrywigheid verband hou (kyk die Standaard van AERP oor *Landbou en Eiendom, Aanleg en Toerusting*);
- (b) ...

...

Standaard van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates* (AERP 26)

Gewysigde teks word getoon met nuwe teks wat onderstreep en geskrapte teks wat deurgehaal is. Die volgende paragrafe in AERP 26 is gewysig:

Omvang

...

.02 'n Entiteit wat finansiële state ingevolge die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet hierdie Standaard by die in rekening bring van die waardedaling van kontantgenererende bates toepas, met die uitsondering van:

- (a) ...
- (g) **biologiese bates wat met landboubedrywighede binne die omvang van die Standaard van AERP oor Landbou verband hou en wat gemeet word teen billike waarde minus koste om te verkoop (~~kyk die Standaard van AERP oor Landbou~~);**

...

Standaard van AERP oor *Erfenisbates* (AERP 103)

Gewysigde teks word getoon met nuwe teks wat onderstreep en geskrapte teks wat deurgehaal is. Die volgende paragrafe in AERP 103 is gewysig:

Omvang

...

.02 'n Entiteit wat finansiële state ooreenkomstig die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet hierdie Standaard toepas op die erkenning, meting en openbaarmaking van alle bates wat aan die omskrywing van 'n erfenis bate voldoen.

- (a) die aanvanklike erkenning en aanvanklike meting van erfenisbates wat in 'n oordrag van funksies tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer verkry is (kyk die Standaard van AERP oor Oordrag van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer) of 'n samesmelting (kyk die Standaard van AERP oor Samesmeltings); en**
- (b) draerplante en biologiese bates wat met landboubedrywighele verband hou (kyk die Standaard van AERP oor Eiendom, Aanleg en Toerusting en Landbou).**

...

A8. Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Ontasbare Bates* (AERP 31)

Opsomming van wysigings

Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Ontasbare Bates* was die gevolg van inkonsekwentheid in die metingsvereistes in AERP 23 en ander bateverwante Standaarde van AERP vir sover dit die behandeling van transaksiekoste betref. Ander veranderinge was die gevolg van veranderinge wat aangebring is aan IPSAS 31 oor *Intangible Assets* (IPSAS 31) as gevolg van die IPSASB se *Improvements to IPSASs 2014*, wat in Januarie 2015 uitgegee is.

Die mees beduidende veranderinge aan die Standaard van AERP oor *Ontasbare Bates* word hieronder in hooftrekke uiteengesit:

Tipe wysiging	Paragraaf-verwysing	Opsomming van wysiging
Algemene verbeterings	.38A, .132A, .134	Om die behandeling van transaksie- en ander koste wat aangegaan word aan bates wat deur nie-uitruiltransaksies verkry word, by te voeg sodat dit in ooreenstemming kan wees met die beginsel in AERP 23 (paragraaf .12).
	.41, 0.132A, .134	Om die metingsbeginsel wanneer bates in ruil vir 'n niemonetêre bate of bates, of 'n kombinasie van monetêre en niemonetêre bates verkry kan word, duidelik te maak.
IPSASB-wysigings	.79, 0.132A, .134	Om die herwaardasiemetodologie van die drabedrag en opgehoopte waardevermindering wanneer 'n item van ontasbare bates herwaardeer word, duidelik te maak.
	.92, .98A, .98B, .98C, .132A, .134	Om aanvaarbare metodes vir die waardevermindering van bates duidelik te maak.

Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Ontasbare Bates*

Gewysigde teks word getoon met nuwe teks wat onderstreep en geskrapte teks wat deurgehaal is. Die volgende paragrawe in AERP 31 is gewysig:

Ontasbare bates wat deur nie-uitruiltransaksies verkry is

...

0.38 Onder hierdie omstandighede is die koste van die item die billike waarde daarvan op die datum waarop dit verkry word. Enige transaksiekoste wat aangegaan word, word ooreenkomstig die vereistes van paragraaf .30 tot .34 erken. Vir die doeleindes van hierdie Standaard is die meting by erkenning van 'n ontasbare bate wat verkry is deur 'n nie-uitruiltransaksie, teen die billike waarde daarvan in ooreenstemming met die vereistes van paragraaf .74, maak nie 'n herwaardasie uit nie. Daarom geld die herwaardasievereistes in paragraaf .74, en die ondersteunende kommentaar in paragraaf .75 en .87, slegs indien 'n entiteit kies om 'n ontasbare bate in daaropvolgende verslagdoeningstydperke te herwaardeer. Enige transaksiekoste wat aangegaan word, word ooreenkomstig die vereistes van paragraaf .30 tot .34 erken.

...

Uitruiling van bates

.41 Een of meer ontasbare bates kan verkry word in ruil vir 'n niemonetêre bate of bates, of 'n kombinasie van monetêre en niemonetêre bates. Die volgende bespreking verwys eenvoudig na 'n ruiling van een niemonetêre bate vir 'n ander, maar dit is ook van toepassing op alle ruilings wat in die voorafgaande sin beskryf word. Die koste van sodanige ontasbare bate word teen billike waarde gemeet, tensy die billike waarde van nóg die bate wat ontvang word nóg die bate wat prysgegee word, betroubaar gemeet kan word. Indien die verkrygde bate nie teen billike waarde gemeet word nie, word die koste daarvan gemeet teen die drabedrag van die bate wat opgegee word. Die verkrygde bate word op hierdie wyse gemeet selfs indien 'n entiteit nie onmiddellik die bate wat opgegee word, kan ontferk nie. ~~Indien die verkrygde bate nie teen billike waarde gemeet word nie, word die koste daarvan gemeet teen die drabedrag van die bate wat opgegee word.~~ Indien die ~~billike~~ transaksie in wese 'n nie-uitruiltransaksie is, moet dit erken word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte)*.

...

Herwaardasiemodel

...

.79 Indien 'n ontasbare bate herwaardeer word, word enige opgelope amortisasie die drabedrag van daardie bate tot die herwaardeerde bedrag aangesuiwer. Oep die datum van die herwaardasie word die bate op een van die volgende wyses behandel:

- (a) proporsioneel heraangegee met die verandering in die bruto drabedrag word aangesuiwer op 'n wyse wat in ooreenstemming is met die verandering in die bruto drabedrag van die bate sodat herwaardasie van die drabedrag van die bate. Die bruto drabedrag kan byvoorbeeld herzaamgestel word deur verwysing na die waarneembare markdata of dit kan in verhouding tot die verandering in die drabedrag herzaamgestel word. Die opgehoopte amortisasie op die datum van die herwaardasie word aangesuiwer sodat dit gelyk is aan die verskil tussen die bruto drabedrag en die drabedrag van die bate ná die in rekening bring van die waardedalingsverliese ná herwaardasie gelyk is aan die herwaardeerde bedrag daarvan;
- (b) die opgelope amortisasie word afgeskryf teen die bruto drabedrag van die bate, en die netto bedrag herzaamgestel tot die herwaardeerde bedrag van die bate.

Die bedrag van die aansuiwering wat uit die hersamestelling of afskrywing van die opgehoopte amortisasie voortspruit, maak deel uit van die styging of daling in die drabedrag wat ooreenkomstig paragraaf .84 en .85 in rekening gebring word.

...

Nutsduur

...

.92 In die lig van die geskiedenis van snelle veranderinge op die gebied van die tegnologie is rekenaarprogrammatuur en talle ander ontasbare bates vatbaar vir tegnologiese veroudering. Derhalwe is sal dit dikwels die geval wees dat die nutsduur daarvan waarskynlik kort is. Verwagte toekomstige afnames in die verkoopsprys van 'n item wat geproduseer is met gebruik van 'n ontasbare bate kan dui op die verwagting van tegnologiese of kommersiële veroudering van die bate, wat op sy beurt 'n vermindering van die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat vervat is in die bate kan weerspieël.

Amortisasietydperk en amortisasiemetode

...

.98 'n Verskeidenheid van amortisasiemetodes kan gevolg word om die afskryfbare bedrag van 'n bate op 'n sistematiese grondslag oor die nutsduur daarvan toe te deel. Hierdie metodes sluit die reguitlynmetode, die afnemendesaldo-metode en die produksie-eenheidmetode in. Die metode wat gevolg word, word gekies op grond van die verwagte verbruikspatroom van die verwagte toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal vergestalt in die bate en word van tyd tot tyd konsekwent toegepas, tensy daar 'n verandering in die verwagte verbruikspatroom van daardie toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal voorkom.

0.98A Daar is 'n weerlegbare veronderstelling dat 'n amortisasiemetode wat gebaseer is op die inkomste wat gegenereer word deur 'n bedrywigheid wat die gebruik van 'n ontasbare bate insluit, onvanpas is. Die inkomste wat gegenereer is deur 'n bedrywigheid wat die gebruik van 'n ontasbare bate insluit, weerspieël tipies faktore wat nie regstreeks gekoppel is aan die verbruik van die ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat in die ontasbare bate vervat is nie. Inkomste word byvoorbeeld beïnvloed deur ander insette en prosesse, verkoopsbedrywigheede en veranderinge in verkoopsvolumes en pryse. Die pryskomponent van inkomste kan deur inflasie beïnvloed word, wat geen invloed het op die wyse waarop 'n bate verbruik word nie. Hierdie veronderstelling kan slegs oorkom word in die beperkte omstandighede:

- (a) waarin die ontasbare bate as 'n meting van inkomste uitgedruk word, soos in paragraaf .98C beskryf; of
- (b) waar daar gedemonstreer kan word dat inkomste en die verbruik van die ekonomiese voordele of dienspotensiaal van die ontasbare bate in 'n hoë mate korelleer.

0.98B In die keuse van 'n geskikte amortisasiemetode ooreenkomstig paragraaf .97 kan 'n entiteit die oorwegend beperkende faktor bepaal wat inherent aan die ontasbare bate is. Die kontrak wat die entiteit se regte betreffende die gebruik van 'n ontasbare bate uiteensit, kan byvoorbeeld die entiteit se gebruik van die ontasbare bate spesifiseer as 'n voorafbepaalde aantal jaar (d.w.s., tyd), as 'n aantal eenhede wat geproduseer word of as 'n vaste totale bedrag van inkomste wat gegenereer sal word. Identifisering van so 'n oorheersende beperkende faktor kan

dien as die vertrekpunt vir die identifisering van die toepaslike grondslag van amortisasie, maar 'n ander grondslag kan aangewend word indien dit die verwagte patroon van verbruik van ekonomiese voordele of dienspotensiaal nog beter weerspieël.

.98C In die omstandighede waarin die oorheersende beperkende faktor wat inherent aan 'n ontasbare bate is die bereiking van 'n inkomstedrempel is, kan die inkomste wat gegenerer moet word 'n toepaslike grondslag vir amortisasie wees. Die reg om byvoorbeeld 'n toepad te bedryf kan gebaseer word op 'n vaste totale bedrag aan inkomste wat gegenerer moet word uit kumulatiewe tolgeld wat gehef word (byvoorbeeld, 'n kontrak kan die bedryf van die toepad toelaat totdat die kumulatiewe bedrag van tolgeld gegenerer uit die bedryf van die pad R100 miljoen bereik). In die geval waar daar vasgestel is dat inkomste die oorheersende beperkende faktor in die kontrak vir die gebruik van die ontasbare bate is, kan die inkomste wat gegenerer moet word, 'n geskikte grond vir amortisering van die ontasbare bate wees, met dien verstande dat die kontrak 'n vaste totale bedrag inkomste wat gegenerer moet word spesifiseer waarop amortisasie bepaal moet word.

...

Oorgangsbepalings

...

Wysigings aan Standaard van AERP

...

0.132 Die volgende paragrafe is gewysig deur die Verbeterings aan die Standaard van AERP wat April 2017 uitgegee is. Hierdie wysigings is van krag vir jaartydperke wat op of ná 1 April 2018 begin. 'n Entiteit moet hierdie wysigings soos volg toepas:

- (a) paragraaf .38A, .92, .98A, .98B and .98C moet vooruitwerkend toegepas word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute;**
- (b) paragraaf .41 moet terugwerkend toegepas word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute; en**
- (c) paragraaf .79 moet toegepas word op alle herevaluerings wat erken word in jaartydperke wat begin op of ná die datum van aanvanklike**



toepassing van die wysiging en in die onmiddellik voorafgaande jaartydperk.

Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit die keuse uitoefen om hierdie wysigings vroeër toe te pas, moet hierdie feit openbaar gemaak word.

...

Datum van inwerkingtrede

...

Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas

~~.134 'n Entiteit moet wysigings aan hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat op of ná 1 April 2016 begin. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit hierdie wysigings toepas vir 'n tydperk wat voor 1 April 2016 begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.~~

A9. Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Erfenisbates* (AERP 103)

Opsomming van wysigings

Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Erfenisbates* was die gevolg van inkonsekwentheid in die metingsvereistes in AERP 23 en ander bateverwante Standaarde van AERP vir sover dit die behandeling van transaksiekoste betref. Ander veranderinge was die gevolg van redaksionele veranderinge aan die oorspronklike teks.

Die mees beduidende veranderinge aan die Standaard van AERP oor *Erfenisbates* word hieronder in hooftrekke uiteengesit:

Tipe wysiging	Paragraaf-verwysing	Opsomming van wysiging
Algemene verbeterings	.26, 0.106A, .108	Om die behandeling van transaksie- en ander koste wat aangegaan word aan bates wat deur nie-uitruiltransaksies verkry word, duidelik te maak sodat dit in ooreenstemming kan wees met die beginsel in AERP 23 (paragraaf .12).
	.33, 0.106A, .108	Om die metingsbeginsel wanneer bates in ruil vir 'n niemonetêre bate of bates, of 'n kombinasie van monetêre en niemonetêre bates verkry kan word, duidelik te maak.

Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Erfenisbates*

Gewysigde teks word getoon met nuwe teks wat onderstreep en geskrapte teks wat deurgehaal is. Die volgende paragrawe in AERP 103 is gewysig:

Meting by erkenning

...

- .26 'n Erfenisbate kan deur 'n nie-uitruiltransaksie verkry word. 'n Museum kan byvoorbeeld 'n waardevolle kunsversameling as 'n skenking uit 'n boedel ontvang. Onder sulke omstandighede is die koste van die erfenisbate die billike waarde daarvan op die verkrygingsdatum. By die vasstelling van die billike waarde van 'n erfenisbate wat deur middel van 'n nie-uitruiltransaksie verkry is, moet die entiteit die beginsels in paragraaf .38 tot .48 toepas. Enige transaksiekoste wat aangegaan word, word ooreenkomstig die vereistes van paragraaf .28 tot .30 erken.

...

Meting van koste

...

- .33 Een of meer items van erfenisbates kan verkry word in ruil vir 'n niemonetêre bate of bates, of 'n kombinasie van monetêre en niemonetêre bates. Die volgende bespreking verwys eenvoudig na 'n ruiling van een niemonetêre bate vir 'n ander, maar dit is ook van toepassing op alle ruilings wat in die voorafgaande sin beskryf word. Die koste van so 'n erfenisbate word teen billike waarde gemeet ~~indien~~ tensy die billike waarde van nóg die bate wat ontvang word nóg die bate wat opgegee word, betroubaar gemeet kan word. Indien die verkrygde item nie teen billike waarde gemeet word nie, word koste daarvan gemeet teen die drabedrag van die bate wat opgegee word. Die verkrygde item word op hierdie wyse gemeet selfs indien 'n entiteit nie onmiddellik die bate wat opgegee word, kan ontferk nie. ~~Indien die verkrygde item nie teen billike waarde gemeet word nie, word koste daarvan gemeet teen die drabedrag van die bate wat opgegee word.~~

...

Oorgangsbepalings

...

Wysigings aan Standaarde van AERP

...

0.106 Die volgende paragrawe is gewysig deur die Verbeterings aan die Standaard van AERP wat April 2017 uitgegee is. Hierdie wysigings is van krag vir jaartydperke wat op of ná 1 April 2018 begin. 'n Entiteit moet hierdie wysigings soos volg toepas:

- (a) **paragraaf .26 moet vooruitwerkend toegepas word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute; en**
- (b) **paragraaf .33 moet terugwerkend toegepas word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute.**

Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit die keuse uitoefen om hierdie wysigings vroeër toe te pas, moet hierdie feit openbaar gemaak word.

...

Datum van inwerkingtrede

...

Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas

~~.108 'n Entiteit moet wysigings aan hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat op of ná 1 April 2016 begin. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit hierdie wysigings toepas vir 'n tydperk wat voor 1 April 2016 begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.~~

A10. Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Oordrag Van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie* (AERP 106)

Opsomming van wysigings

Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Oordrag Van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer* was die gevolg van veranderinge wat aangebring is aan IFRS 3 oor *Business Combinations* (IFRS 3) as gevolg van die IASB se wysigings aan *Annual Improvements to IFRSs 2010 – 2012 Cycle*, wat in Desember 2013 uitgegee is.

Die mees beduidende veranderinge aan die Standaard van AERP oor *Oordrag Van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie* word in hooftrekke hieronder uiteengesit:

Tipe wysiging	Paragraaf-verwysing	Opsomming van wysiging
IASB se wysigings	.68, .88, .98A, .99	Om te vereis dat voorwaardelike teenprestasie wat as 'n bate of las geklassifiseer word, in elke verslagdoeningstydperk teen billike waarde gemeet word.

Wysigings aan die Standaard van AERP oor Oordrag Van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie

Gewysigde teks word getoon met nuwe teks wat onderstreep en geskrapte teks wat deurgehaal is. Die volgende paragrawe in AERP 106 is gewysig:

Voorwaardelike teenprestasie

...

- .68 Die verkryger moet 'n verpligting om voorwaardelike teenprestasie te betaal wat aan die omskrywing van 'n finansiële instrument voldoen as 'n finansiële las of as netto bates klassifiseer op grond van die omskrywings van 'n oorblywende belang en 'n finansiële las in die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente*, ~~of ander toepaslike Standaard van AERP~~. Die verkryger moet 'n reg op die terugontvang van voorheen oorgedraagde teenprestasie indien daar aan gespesifiseerde voorwaardes voldoen word as 'n bate klassifiseer. Paragraaf .88 voorsien leiding oor die latere in rekening bring van voorwaardelike teenprestasie.

Voorwaardelike teenprestasie

- .88 Sommige veranderinge in die billike waarde van voorwaardelike teenprestasie wat die verkryger ná die verkrygingsdatum erken, kan die gevolg wees van bykomende inligting wat die verkryger ná daardie datum verkry het omtrent feite en omstandighede wat op die verkrygingsdatum bestaan het. Veranderinge wat egter die gevolg is van gebeure ná die verkrygingsdatum, soos bereiking van 'n prestasieteken, of bereiking van 'n mylpaal in 'n navorsings- en ontwikkelingsprojek, is nie metingstydperk aansuiwerings nie. Die verkryger moet veranderinge in die billike waarde van voorwaardelike teenprestasie wat nie metingstydperk aansuiwerings is nie soos volg in rekening bring:
- (a) Voorwaardelike teenprestasie wat as netto bates geklassifiseer word, moet nie hermeet word nie en die latere vereffening daarvan moet binne netto bates in rekening gebring word.
 - (b) Ander ~~V~~voorwaardelike aanspreeklikheid wat:
 - (i) ~~'n finansiële instrument is en~~ binne die omvang van die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* val wat moet tydens elke verslagdoeningstydperk teen billike waarde gemeet word, en enige gevolglike wins of verliese veranderinge in billike waarde moet in surplus



of tekort ooreenkomstig daardie Standaard van AERP erken word.

- (ii) nie binne die omvang van die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrument* val nie, moet in rekening gebring word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates* of ander Standaarde van AERP, soos toepaslik teen billike waarde gemeet word en veranderinge in billike waarde moet in surplus of tekort erken word.

...

Oorgangsbepalings

...

Wysigings aan Standaarde van AERP

0.98 Paragraaf .68 en .88 is gewysig deur die verbeterings aan die Standaard van A AERP wat op April 2017 uitgegee is. 'n Entiteit moet hierdie wysigings vooruitwerkend toepas op die oordrag van funksies tussen entiteite wat nie onder gemeenskaplike beheer is nie en waarvoor die verkrygingsdatum op of ná 1 April 2018 is. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit die keuse uitoefen om hierdie wysigings vroeër toe te pas, moet hierdie feit openbaar gemaak word.

Datum van inwerkingtrede

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

.99 'n Entiteit moet hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële state wat tydperke dek wat begin op of ná 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal word in 'n regulasie wat ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur No. 1 van 1999, soos gewysig, publiseer sal word.

Gevolglike wysigings aan ander Standaarde van AERP

Die volgende wysigings aan die Standaarde van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates en Finansiële Instrumente* is die gevolg van die wysigings wat aangebring is aan die Standaard van AERP oor *Oordrag van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie*.

Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Laste en Voorwaardelike Bates (AERP 19)*

Gewysigde teks word getoon met nuwe teks wat onderstreep en geskrapte teks wat deurgehaal is. Die volgende paragrawe in AERP 19 is gewysig:

Ander uitsluitings uit die omvang van die Standaard

...

.13 Waar 'n ander Standaard van AERP oor 'n spesifieke soort voorsiening, voorwaardelike aanspreeklikheid of voorwaardelike bate handel, pas 'n entiteit daardie Standaard toe in plaas van hierdie Standaard. Bepaalde soorte voorsienings word behandel in Standaarde van AERP oor:

- (a) konstruksiekontrakte (kyk die Standaard van AERP oor *Konstruksiekontrakte*);
- (b) inkomstebelasting (kyk die International Accounting Standard oor *Income Taxes*);
- (c) hure (kyk die Standaard van AERP oor *Hure*); as die Standaard van AERP oor *Hure* egter geen spesifieke vereistes bevat om met bedryfshure wat beswarend geraak het, te handel nie, is hierdie Standaard op sodanige gevalle van toepassing;
- (d) werknemervoordele (kyk die Standaard van AERP oor *Werknemervoordele*); en
- (e) versekeringskontrakte (kyk die International Financial Reporting Standard oor *Insurance Contracts*); ~~en~~

(eA) voorwaardelike teenprestasie van 'n verkryger in 'n oordrag van funksies tussen entiteite wat nie onder gemeenskaplike beheer is nie (kyk die Standaard van AERP oor Oordragte van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie).

...

Oorgangsbepalings

...

Wysigings aan Standaarde van AERP

.113A Paragraaf .13 is gewysig deur die Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat op April 2017 uitgegee is, as 'n gevolglike wysiging afgelei uit die wysiging aan die Standaard van AERP oor Oordrag van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie. 'n Entiteit moet hierdie wysiging vooruitwerkend toepas op die oordrag van funksies tussen entiteite wat nie onder gemeenskaplike beheer is nie en waarvoor die verkrygingsdatum op of ná 1 April 2018 is. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit die keuse uitoefen om hierdie wysiging vroeër toe te pas, moet hierdie feit openbaar gemaak word.

Datum van inwerkingtrede

...

~~Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas~~

...

~~.115 'n Entiteit moet wysigings aan hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat op of ná 1 April 2015 begin. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit hierdie wysiging toepas vir 'n tydperk wat voor 1 April 2015 begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.~~

Wysiging aan die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* (AERP 104)

Gewysigde teks word getoon met nuwe teks wat onderstreep en geskrapte teks wat deurgehaal is. Die volgende paragrawe in AERP 104 is gewysig:

Woordomsrywings

...

.14 Die volgende kategorieë finansiële instrumente word omskryf en met die gespesifiseerde betekenis in hierdie Standaard gebruik:

...

Finansiële instrumente teen billike waarde bestaan uit finansiële bates of finansiële laste wat:

(a) ...

(aA) voorwaardelike teenprestasie van 'n verkryger in 'n oordrag van funksies tussen entiteite wat nie onder gemeenskaplike beheer is nie waarop die Standaard van AERP oor Oordragte van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie van toepassing is:

(b) ...

...

Oorgangsbepalings

...

Wysigings aan Standaarde van AERP

.135A Paragraaf .14 is gewysig deur die Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat op April 2017 uitgegee is, as 'n gevolglike wysiging afgelei uit die wysiging aan die Standaard van AERP oor Oordrag van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie. 'n Entiteit moet hierdie wysiging vooruitwerkend toepas op die oordrag van funksies tussen entiteite wat nie onder gemeenskaplike beheer is nie en waarvoor die verkrygingsdatum op of ná 1 April 2018 is. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit die keuse uitoefen om hierdie wysiging vroeër toe te pas, moet hierdie feit openbaar gemaak word.



Datum van inwerkingtrede

...

~~Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas~~

~~.115 'n Entiteit moet wysigings aan hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat op of ná 1 April 2015 begin. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit hierdie wysiging toepas vir 'n tydperk wat voor 1 April 2015 begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.~~

...

A11. Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Lewende en Nielewende Hulpbronne* (AERP 110)

Opsomming van wysigings

Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Lewende en Nielewende Hulpbronne* was die gevolg van redaksionele veranderinge aan die oorspronklike teks en inkonsekwentheid in die metingsvereistes in AERP 23 en ander bateverwante Standaarde van AERP vir sover dit die behandeling van transaksiekoste betref. Ander veranderinge was die gevolg van veranderinge wat aangebring is aan IPSAS 17 oor *Property, Plant and Equipment* (IPSAS 17) as gevolg van die IPSASB se *Improvements to IPSASs 2014*, wat in Januarie 2015 uitgegee is, en *Improvements to IPSASs 2015*, wat in Maart 2015 uitgegee is.

Die mees beduidende veranderinge aan die Standaard van AERP oor *Lewende en Nielewende Hulpbronne* word hieronder in hooftrekke uiteengesit:

Tipe wysiging	Paragraaf-verwysing	Opsomming van wysiging
Algemene verbeterings	.35	Om die behandeling van transaksie- en ander koste wat aangegaan word aan bates wat deur nie-uitruiltransaksies verkry word, duidelik te maak sodat dit in ooreenstemming kan wees met die beginsel in AERP 23.
	.44	Om die metingsbeginsel wanneer bates in ruil vir 'n niemonetêre bate of bates, of 'n kombinasie van monetêre en niemonetêre bates verkry kan word, duidelik te maak.
IPSASB-wysigings	.60	Om die herwaardasiemetodologie van die drabedrag en opgehoopte waardevermindering wanneer 'n lewende hulpbron herwaardeer word, duidelik te maak.
	.94A	Om aanvaarbare metodes vir die waardevermindering van bates duidelik te maak.
	.02, .04, 04A, .05, .08, .101, .105, .106, .108, besluit-	Om 'n draerplant te omskryf en draerplante in die omvang van AERP 17 of AERP 110 in te sluit, terwyl die produk wat aan draerplante groei, binne die bestek van AERP 27 sal bly.

	nemings- boomdiagram en grondslag vir gevolg- trekkings.	
--	--	--

Wysigings aan die Standaard van AERP oor *Lewende en Nielewende Hulpbronne*

Gewysigde teks word getoon met nuwe teks wat onderstreep en geskrapte teks wat deurgehaal is. Die volgende paragrawe in AERP 110 is gewysig:

Omvang

...

.02 'n Entiteit wat finansiële state ooreenkomstig die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet hierdie Standaard toepas op die:

(a) *erkenning, meting, aanbieding en openbaarmaking van lewende hulpbronne behalwe daardie lewende hulpbronne wat:*

- (i) *biologiese bates is wat met landboubedrywigheid verband hou, uitgesonderd draerplante (kyk die Standaard van AERP oor Landbou).***
- (ii) *draerplante wat met landboubedrywigheid verband hou (kyk die Standaard van AERP oor Eiendom, Aanleg en Toerusting (AERP 17)); of***
- (iii) *voorraad (kyk die Standaard van AERP oor Voorraad (AERP 12)); en***

...

.04 AERP 27 is van toepassing op landboubates uitgesonderd draerplante en landbouprodukte wat die geoste produk van die entiteit se biologiese bates is. Indien 'n entiteit betrokke is by landboubedrywighe, beoog die entiteit om die biologiese bates te verkoop, te versprei of te omskep in landbouprodukte of bykomende landboubates vir verkoop of verspreiding teen geen koste nie, of teen 'n nominale koste.

0.04A AERP 17 is van toepassing op plante wat met landboubedrywigheid verband hou. Draerplante wat gehou word om produkte op te lewer is lewende plante wat

in die produksie of voorsiening van landbouprodukte gebruik word, terwyl daar verwag word dat die plant vir meer as een tydperk 'n produk sal lewer en dat daar die geringe moontlikheid bestaan dat dit as 'n landbouprodukt verkoop sal word.

- .05 Biologiese bates soos in AERP 27 omskryf word en draerplante wat verband hou met landboubedrywigheid soos in AERP 17 omskryf word, voldoen aan die omskrywing van lewende hulpbronne in hierdie Standaard. Indien die lewende hulpbronne egter gebruik word om die spesifieke bedrywigheede te onderneem wat in paragraaf .04 en .04A uiteengesit word, pas die entiteit die beginsels in AERP 17 of AERP 27 toe. Aangesien die redes vir die hou van die lewende hulpbronne in hierdie Standaard van landboubedrywigheid verskil, val slegs daardie lewende hulpbronne wat nie biologiese bates is wat in 'n landboubedrywigheid gebruik word nie binne die omvang van hierdie Standaard.

Woordomskrywings

.08 Die volgende terme word met die gespesifiseerde betekenis in hierdie Standaard gebruik:

...

'n Draerplant is 'n lewende plant wat:

- (a) gebruik word in die produksie of voorsiening van 'n landbouprodukt;**
- (b) na verwagting vir meer as een tydperk 'n produk sal dra; en**
- (c) ten opsigte waarvan daar 'n vae waarskynlikheid bestaan dat dit as 'n landbouprodukt verkoop sal word, behalwe vir toevallige verkope as afvalmateriaal.**

(Paragraaf .07A tot .07C van AERP 27 verstrek meer besonderhede oor hierdie woordomskrywing van 'n draerplant.)

Meting by erkenning

- .35 Indien 'n lewende hulpbronne in ruil vir 'n niemonetêre bate of bates, of 'n kombinasie van monetêre en niemonetêre bates, verkry word, moet die leiding in paragraaf .45 tot .43 toegepas word om die lewende hulpbron te meet. Hierbenewens kan 'n lewende hulpbron verkry word deur 'n nie-uitruiltransaksie, byvoorbeeld diere wat gebore word as gevolg van hul reprodktiewe siklus, of wanneer dit deur 'n skenking ontvang word. Die koste van sulke diere is hul billike waarde soos op die datum van verkryging. By die vasstelling van die billike

waarde van 'n lewende hulpbron wat deur middel van 'n nie-uitruiltransaksie verkry is, moet die entiteit die beginsels in paragraaf .50 tot .58 toepas. Enige transaksiekoste wat aangegaan word, word ooreenkomstig die vereistes van paragraaf .37 tot .39 erken.

Meting van koste

- .44 Een of meer lewende hulpbronne kan verkry word in ruil vir 'n niemonetêre bate of bates, of 'n kombinasie van monetêre en niemonetêre bates. Twee entiteite wat byvoorbeeld by teelbedrywighede betrokke is, kan hulpbronne ruil om die bloedlyn van 'n spesifieke dier te verbeter. Indien een niemonetêre bate vir 'n ander verruil word, word die koste van so 'n lewende hulpbron teen billike waarde gemeet, tensy die billike waarde van nóg die bate wat ontvang word nóg die bate wat prysgegee word, betroubaar gemeet kan word. Indien die verkrygte lewende hulpbron nie teen billike waarde gemeet word nie, word koste daarvan gemeet teen die drabedrag van die bate wat opgegee word. Die verkrygte item word op hierdie wyse gemeet selfs indien 'n entiteit nie onmiddellik die bate wat opgegee word, kan ontteken nie. ~~Indien die verkrygte item nie teen billike waarde gemeet word nie, word koste daarvan gemeet teen die drabedrag van die bate wat opgegee word.~~

Die herwaardasiemodel

- .60 Indien 'n lewende hulpbron herwaardeer word, word die drabedrag van daardie lewende hulpbron tot die herwaardeerde bedrag aangesuiwer. Op enige ~~opgelope depresiasie op die datum van die herwaardasie~~ word die lewende hulpbron op een van die volgende wyses behandel:
- (a) die bruto drabedrag word aangesuiwer op 'n wyse wat in ooreenstemming is Proporsioneel heraangegee met die herwaardasie van die verandering in die bruto drabedrag van die lewende hulpbron, sodat die drabedrag van die lewende hulpbron ná herwaardasie gelyk is aan die herwaardeerde bedrag daarvan. Die bruto drabedrag kan byvoorbeeld heraan gestel word deur verwysing na die waarneembare markdata of dit kan in verhouding tot die verandering in die drabedrag heraan gestel word. Die opgehoopte waardevermindering op die datum van die herwaardasie word aangesuiwer sodat dit gelyk is aan die verskil tussen die bruto drabedrag en die drabedrag van die bate ná die in rekening bring van die opgehoopte waardedalingsverliese; of ~~Hierdie metode word dikwels gebruik wanneer 'n lewende hulpbron deur middel van die toepassing van 'n indeks op die gedepresieerde vervangingswaarde daarvan herwaardeer word.~~

- (b) die opgelope waardevermindering word Aafgeskryf teen die bruto drabedrag van die bate en die netto bedrag hersaamgestel tot die herwaardeerde bedrag van die bate.

Die bedrag van die aansuiwering ~~wat uit die hersamestelling of afskrywing~~ van die opgehoopte waardevermindering ~~voortspruit~~, maak deel uit van die styging of daling in die drabedrag wat ooreenkomstig paragraaf .66 en .67 in rekening gebring word.

Waardeverminderingsmetode


.94A 'n Waardeverminderingsmetode wat gebaseer is op inkomste wat gegenerer word deur 'n bedrywigheid wat die gebruik van 'n lewende hulpbron insluit, is nie toepaslik nie. Die inkomste wat gegenerer is deur 'n bedrywigheid wat die gebruik van 'n lewende hulpbron insluit, weerspieël oor die algemeen ander faktore buiten die verbruik van die ekonomiese voordele of dienspotensiaal van die bate. Inkomste word byvoorbeeld beïnvloed deur ander insette en prosesse, verkoopsbedrywigheede en veranderinge in verkoopsvolumes en pryse. Die pryskomponent van inkomste kan deur inflasie beïnvloed word, wat geen invloed het op die wyse waarop 'n lewende hulpbron verbruik word nie.

Oordragte

- .101 Oorplasing van lewende hulpbronne moet gedoen word wanneer die bate nie meer aan die omskrywing van 'n lewende hulpbron voldoen nie (kyk paragraaf .08). 'n Entiteit besluit byvoorbeeld om 'n vrugteboord wat voorheen vir navorsingsdoeleindes gehou is vir landboudoeleindes te gebruik. Die entiteit is nie op hierdie tydstip van plan om die vrugteboord te verkoop of te vervreem nie. As gevolg van die verandering in gebruik, voldoen die boom nie meer aan die omskrywing van 'n lewende hulpbron nie en moet dit dus oorgedra word van lewende hulpbronne na landbou AERP 17 of AERP 27 afhangende daarvan of ~~mits~~ daar aan die omskrywing in ~~AERP 27~~ van 'n draerplant voldoen word.
- .105 *Vir 'n oordrag van lewende hulpbronne wat teen 'n herwaardeerde bedrag gedra word na eiendom, aanleg en toerusting (met inbegrip van draerplante), na voorraad of na 'n biologiese bate, moet die geoordeelde koste van die lewende hulpbron vir daaropvolgende rekeningkundige verantwoording ooreenkomstig die toepaslike Standaard van AERP die herwaardeerde waarde daarvan op die oordragdatum wees. Die entiteit moet die beginsels in hierdie Standaard tot op die datum van oordrag toepas. Die entiteit behandel op daardie datum die verskil tussen die***

- drabedrag van die lewende hulpbronne en die billike waarde daarvan op dieselfde wyse as 'n herwaardasie ooreenkomstig hierdie Standaard.*
- .106 .105 Indien 'n item van eiendom, aanleg en toerusting (met inbegrip van draerplante) wat teen 'n herwaardeerde bedrag gedra word of 'n biologiese bate wat teen billike waarde minus koste om te verkoop gedra word as lewende hulpbron herklassifiseer word, pas die entiteit die toepaslike Standaard van AERP op daardie bate toe tot op die datum van verandering. Die entiteit behandel op daardie datum die verskil tussen die drabedrag van die bate en die billike waarde daarvan ooreenkomstig die toepaslike Standaard van AERP wat op daardie lewende hulpbron van toepassing is.**
- .108 Indien 'n lewende hulpbron teen 'n herwaardeerde bedrag na voorraad, eiendom, aanleg en toerusting of 'n landboubedrywigheid oorgeplaas word, moet die herwaardasiereserwe wat ingesluit is in netto bates ten opsigte van die lewende hulpbron regstreeks na die opgehoopte surplus of tekort oorgedra word wanneer (a) die voorraad in die produksieproses of in die gewone gang van bedrywighele verbruik of versprei word, of (b) die landbouprodukt verkoop, teen geen koste nie of teen 'n nominale koste versprei word of in landbouprodukte of bykomende biologiese bates vir verkoop of verspreiding teen geen koste nie of teen 'n nominale teenprestasie omskep word.

Bylae B: Besluitneming-vloeiagram





Grondslag vir gevolgtrekkings

- GG8. Die omskrywing van lewende hulpbronne alle lewende organismes insluit, is diere en plante in wat in landboubedrywighede gebruik word in hierdie woordomskrywing ingesluit. Die omvang van hierdie Standaard van die AERP is dus wyer as diere en plante wat in die bestek van AERP 17 of AERP 27 is.
- GG9. Die Standaard van AERP vereis egter dat 'n entiteit wat landboubedrywighede onderneem, omdat dit beoog om biologiese bates te verkoop, te versprei of in landbouprodukte of bykomende landboubates vir verkoop of verspreiding teen geen koste nie of teen 'n nominale koste te omskep, die beginsels in AERP 27 moet toepas, aangesien die redes vir die hou van sodanige lewende hulpbronne vir landboubedrywighede is. Die beginsels in AERP 17 moet toegepas word op draerplante wat met landboubedrywighede verband hou indien daar verwag word dat die plant vir meer as een tydperk 'n produk sal dra en daar die geringe moontlikheid bestaan dat dit as 'n landbouproduk verkoop sal word.